

INLEIDING

DIE LAASTE POUS

Andrè van den Berg

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk	Bladsy	
	INLEIDING	2
1	BABILON	5
2	ROME	12
3	BABEL EN ROME VERMENG	17
4	MARIA EN DIE HEILIGES	25
5	DIE POUS	41
6	PRIESTERS	53
7	DIE MISOFFER	65
8	BOETEDOENING EN GOEIE WERKE	70
9	DIE VAGEVUUR	76
10	HEIDENSIMBOLE EN GEBRUIKE	81
11	PROTESTANTISME	85
12	ROOMSE WRAAK	91
13	EKUMENE	101
14	KRUIPERIGE ONDERDANIGHEID	111
15	DIE LAASTE REGERING	117
	SLOTWOORD	139

“Laat niemand julle op op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is” (2 Thess.2:3,4).

Van al die gawes waarmee God die mensdom geseën het, is Evangeliebediening een van die grootstes. Die gemeente in Rome het dit as ‘n gawe van God ontvang om sy Koninkryk uit te brei en die plaaslike kudde mee te bedien (Joh.21:15). Satan het dit egter teengestaan en die gemeente probeer verwoes.

In sy poging om die kerk te vernietig, het hy meer as een strategie gevolg. Aan die begin van die Christelike era het hy die kerk eers van buite en daarna van binne aangeval. Eersgenoemde is met die steniging van Stefanus (Hand.6) ingelei waarna die Romeins-Joodse vervolging baie Christenlewens geeis het.

Toe dit nie aan sy verwagting voldoen nie, het hy van strategie verander en met dwaalleringe in die boesem van die kerk opgeduik waarna die kerk met vyande uit haar eie geledere geteister is. *“Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons nie; want as hulle van ons was, sou hulle by ons gebly het; maar dit*

moes aan die lig kom dat hulle nie almal van ons is nie" (1 Joh.2:19). Lukas maak so vroeg as Hand.15 melding van 'n raadsbyeenkoms wat in Jerusalem gehou is om kettery in die kerk te ondersoek.

Satan se onophoudelike aanslae op die vroeë kerk het 'n bres in die muur veroorsaak waardeur heidenelemente die kerk ingesypel het. Die verval in die suiwere Bybelse leer wat aanvanklik as 'n ligte bries in die kerk begin gewaai het, het later so in omvang toegeneem, dat dit orkaansterkte bereik het. In plaas daarvan dat die kerk die heidendom binnegedring en lig in duisternis gebring het, het die heidendom die kerk binnegedring en die lig van die Evangelie verdof.

Naas die sondeval (Gen.3) is die ideologiese samesmelting van Rome en Babel die grootste ramp wat die mensdom ooit getref het. Dit het tot die ontstaan van die Roomse Kerk gelei. Die Christendom is mislei om heidengebruike in haar midde op te neem waarna dit so ingebed geraak het, dat mense die waarheid nie meer van die leuen kon onderskei nie. Christus het sy Kerk egter bewaar en op sy tyd gelowiges soos Luther, Calvyn en Zwingli gebruik om hierdie booshede aan die lig te bring en 'n volkskaalse hervorming te loods.

Daar word verkeerdelik na die Roomse Kerk as die Roomse Katolieke Kerk verwys. Dis begrippe wat mekaar weerspreek. *Katoliek* beteken *algemeen* of *universeel*. As *Rooms* bygevoeg word, is dit nie meer

algemeen nie, maar eerder *besonder*. Almal wat Christus as Verlosser en saligmaker ken, behoort aan die onsigbare Katolieke Kerk. Gevolglik is Protestante eerder Katoliek omdat hulle hul geloof, soos die eerste Christene, slegs op die Bybel grond. Die Roomse Kerk wat in die Vatikaan gesetel is se lidmaatskap word egter beperk tot mense wat die oppergesag van die pous erken.

Die Roomse Kerk is egter 'n gedempte vermenging van Babiloniese en Roomse afgodery. Dit het soveel heidendom in haar boesem, dat dit werklik inspanning kos om iets eg Christeliks daarin te vind. Die Roomse Kerk is soos 'n lugspieëling in die woestyn wat geen lewenswater nie omdat sy in werklikheid geen Christelike kerk is nie, maar eerder 'n neo-Babiloniese sekte uit wie se geledere die Antichris as laaste pous na vore gaan tree.

HOOFSTUK EEN

BABILON

1.1 Ligging

Babilon het in die Bybel altyd 'n ongunstige betekenis. Vanaf die bou van die berugte toring (Gen.11) tot in Openbaring 18 staan Babilon in die teken van opstand teen God. Dit was 'n land aan die benede-lope van die Eufraat-en Tigrisriviere (in die huidige Irak) en in die Ou Testament ook Sinear genoem (Jos.7:21; Jes.11:11; Dan 1:2). Die Grieke het dit vanweë die hoofstad Babel, Babilon genoem.

Die eerste bewoners was alreeds teen 3500vC in dië landstreek gevestig. Babilon was deel van Nimrod, die eerste koning op aarde, se ryk (Gen.10:10). *Babel* beteken *godspoort*. Babel was, ironies genoeg, nie die poort na God nie, maar eerder die poort na die Satan!

1.2 Verborgenheid

Die Babiloniërs was afgodsdienaars wie se godsdiens om die as van geheimsinnigheid (verborgenheid) gedraai het. Priesters wat mense hierin onderrig het, is slaafs nagevolg. Kandidate wat kennis van die verborgenheid wou bekom, moes eers 'n geheime drank drink wat hulle in die mag van die priesters

geplaas het waarna hulle stap vir stap in die geheimenisse ingelei is.

Die profeet Jeremia verwys hierna as hy sê dat Babel 'n goue beker is wat die aarde dronk en nasies rasend maak (Jer.51:7). Johannes praat ook in simboliese taal hiervan: "...en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol van guwels" (Openb.17:4). "omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery..." (18:3).

Die heidene se begeerte na kennis van die verborgenhede het aan die Babiloniese priesters ongekende mag oor hulle besorg. Hulle is as die enigste vertolkers en uitlêers van die geheimenisse geag en ook die enigstes wat toegelaat is om diegene wat by die verborgenhede ingelyf was, te onderrig. Sonder hulle hulp het die mense van Babilon nêrens in die lewe gekom nie.

Alvorens iemand by die verborgenhede ingelyf is, moes hy eers deur reinigende waters gaan. Dit was 'n heidense doopsbediening wat deur onderdompeling geskied het. Sommige priesters het egter so hardhandig te werk gegaan dat sommige van die dopelinge in die proses verdrink het! As 'n dopeling egter dië rowwe ritueel oorleef het, is hy geskik geag om tot die kennis van die verborgenhede toegelaat te word.

Om by die verborgenhede ingelyf te kon bly, moes ingelyfdes gereeld na 'n priester gaan en alles wat op hulle gemoed was aan hom bekend maak. Dis waar die Roomse biege vandaan kom. Hierdie gedwonge biege het mense geheel en al in die mag van die priesters geplaas omdat hulle alles van almal geweet het. Priesters het egter nie nodig gehad om teenoor mekaar te biege nie. Dit het tot 'n godsdienstdespotisme gelei.

Babiloniese priesters is of aan hulle kaal koppe of 'n kaalte bo-op die kop (kroonskeer) gekenmerk. Die priesters van Osiris (Egipte) het ook hulle koppe kaal geskeer, 'n gebruik wat later ook in Rome, Indië en China beoefen is. Joodse priesters daarenteen is verbied om dit te doen: *"Hulle mag op hulle hoof geen kaalte maak..." (Lev.21:5).*

1.3 Semiramis

Niemand het afgodery meer bevorder as Semiramis, die vrou van Nimrod, nie. Sy was 'n heks wat deur die Satan gebruik is om allerhande bose gebruike te vestig. Sy het bv. die selibaat as 'n verskansing vir egbreuk, homoseksualisme en sodomie gevestig en daarmee die priesters afgesonder. Die selibaat is in werklikheid opstand teen God se instelling van die huwelik (Gen.2).

Die enigste volledige dokument oor Semiramis is deur Diodorus Siculus 'n Griekse geskiedskrywer in die tyd

van Julius Caesar geskryf. Volgens hom was sy so verleidelik, dat sy al wat magshebber is betower het. Sy het onder andere tempelprostitusie in Babel gevestig en is as 'n verhewe vrou met 'n goue beker in haar uitgestrekte hand uitgebeeld.

Sy het haar onderdane deur middel van godsdienst in blinde onderdanigheid aan Babel onderwerp. Nadat Nimrod vermoor is, het 'n priester 'n seun by haar verwek wat sy Tammuz genoem het. Sy het haar onderdane egter laat glo dat Nimrod een nag uit die dood teruggekeer en haar op bonatuurlike wyse bevrug het. Hulle het haar leuen geglo en Tammuz as 'n *wonderseun* en 'n reïnkarnasie van Nimrod beskou.

Daarna is baie beelde van die moeder met die wonderseun in haar arms in die ryk opgerig. Sy het Nimrod na sy dood onder die naam Baäl laat aanbid. Sommige het hom Molog genoem.

Die verering van Semiramis met die seun in haar arms het oor groot dele van die wêreld versprei. In Egipte is hulle as Isis en Osiris aanbid; in Rome as Fortuna en Jupiter en in Griekeland as Ceres en Plutus. Beelde van haar en die kind is baie eeue later selfs in Tibet, China en Japan gevind. In China is sy as Shing Moo, die heilige moeder met 'n kind in haar arms en in Efese as Diana, die moeder van die gode, vereer.

Semiramis het Babel met 'n ysterhand regeer en was volgens die Romeinse digter Publius Ovidius die eerste persoon wat 'n muur met 'n toring daarop om 'n stad

laat bou het. Daarna is sy dikwels as 'n vrou met 'n kroon van klein toringkies op die kop uitgebeeld.

Die geskiedskrywer Diodorus Siculus maak van die toring van Babel melding en skryf dat daar in die boonste verdieping drie groot afgodsbeelde was. Een daarvan was dié van 'n vrou met 'n slang in haar hande wat Semiramis voorgestel het. Diana is in Efese op soortgelyke wyse voorgestel. Die enigste verskil was dat dié slang sonder kop was.

ulle Hulle Semiramis was skynbaar van onbeduidende afkoms. Haar verbintenis met Nimrod het haar aansien besorg. Sy is egter eers na haar dood as godinmoeder vereer en die *hemelkoninging* genoem waarna heidene geesdriftig aan haar begin offer het. *“En as ons vir die hemelkoningin rook laat opgaan en vir haar drank uitgiet...”* (Jer.44:19).

Die Babiloniërs het graag aan haar geoffer. By sekere geleenthede selfs bloedoffers (diere) aan haar gebring. Die onbloedige broodjie-offer was egter die gewildste offer. Dit was 'n klein, ronde broodjie wat soos 'n wafeltjie gelyk het: *“.....is dit dan sonder ons mans dat ons vir haar koeke maak om haar af te beeld en drankoffers vir haar uitgiet?”* (Jer.44:19). Slegs toegewydes is toegelaat om die broodjie-offer te nuttig. Die Roomse Kerk het hierdie heidenoffer later onbeskaamd voortgesit.

Semiramis het die Babiloniese priesters en tempelmaagde verbied om in die huwelik te tree. Die weerhouding van die huwelik (*selibaat*) is as bevorderlik vir hulle kennis van die verborgenhede geag. Dit het egter ramspoedige gevolge gehad. In plaas daarvan om diegene wat daartoe verorden is se lewe te heilig, het dit juis tot vergrype soos sodomie en verkragting gelei.

Semiramis het met verloop van tyd die voorwerp van wêreldaanbidding geword en is die *moeder van die gode* genoem. Clericus skryf dat die Perse, Siriërs en al die konings van Asië en Europa haar aanbid en vereer het. Tacitus skryf dat Semiramis selfs in oud-Duitsland vereer is en dat Julius Ceasar tydens sy inval in Britanje van haar priesters daar aangetref het.

Die aanbidding van Semiramis het oral byval gevind. Openb.17:2 meld dat nasies *“dronk geword het van die wyn van haar hoerery”*. In die tyd van Jeremia is sommige van die Bondsvolk so deur Babiloniese afgodery meegevoer, dat God hom moes stuur om straf oor hulle aan te kondig (Jer.44). Na die Babiloniese ballingskap het 'n klomp Jode in selfballingskap na Egipte uitgewyk om Semiramis te gaan aanbid.

1.4 Na Pergamus

Na die dood van Nebukadneser het Babilon se mag begin afneem. Die ryk is van binne sowel as van buite bedreig. Van binne deur die ongehoorde mag wat

priesters oor mense gehad het asook die feit dat die leër hoofsaaklik uit huursoldate bestaan het. Van buite deur die opkomende magte van Egipte, die Meders en die Perse. Die skrif was vir Babilon aan die muur.

Nadat koning Kores van Persië die ryk van die Meders in 550vC vernietig het, was dit Babel se beurt. Toe dit in 539vC deur die Perse verower is, het die priesters na Pergamus in die suide van Turkye gevlug om hul afgodery daar voort te sit. Die fondament van die tempel wat die priesters destyds daar gebou het, is vandag nog te sien. Johannes maak in Openb.2:13 melding hiervan: “*Ek ken jou werke en die plek waar jy woon, waar die troon van die Satan is...*”

Rome het aanvanklik geen skakeling met Pergamus gehad nie. Nadat dit in 190 vC deel van die Romeinse ryk geword het, het die keiser vir die eerste keer met die Babiloniese afgodery en hul gesagstruktuur kennis gemaak. Dit het hom egter so beïndruk, dat die magte van die Babiloniese hoëpriester later net so aan hom oorgedra is. Dit het aan hom as staatkundige- en godsdiensteier alle aardse mag besorg.

HOOFSTUK TWEE

ROME

2.1 Afgode

Rome het aanvanklik geen gode van haar eie gehad nie. Almal is van Griekeland af ingevoer. Homer Smith skryf in *Man and His Gods* dat die Griekse drietal Demeter, Dionisis en Persefon in 493vC onder die name Ceres, Liber en Libera in Rome verskyn het. Apollo en Asklepios het ongeveer 50 jaar later onder hul eie name gevolg en daarna Afrodite (Venus), Hermes (Mercurios) en Artemis (Diana).

Die Romeine was uiters bygelowig en het in tye van oorlog baie van hul gode verwag. As hulle oorwin het, is daar aan die gode geoffer asof hulle die oorwinning gegee het. Die grootste teleurstelling was egter in 218 vC toe Rome deur die Kartaagse heerser Hannibal binnegeval en jare lank beleër is. Ten spyte van duisende offers kon die gode die vyande nie verdryf nie. Dit het die aansien van die Romeinse Ryk geknou en die onderdaniges feitlik onregeerbaar gemaak.

2.2 Misleiding

Die keiser het egter 'n plan gemaak en sy onderdane doelbewus met godsdienste begin mislei. Hy het die ganse Romeinse gemeenskapslewe op bygeloof gebou ten einde die gepeupel te beheer. Hulle was so

onbeskaafd, wetteloos en onstabiel, dat Rome hulle slegs met 'n *vrees vir die onbekende* in bedwang kon hou. Dit het bo verwagting gewerk.

Die gepeupel was spoedig so bygelowig, dat hulle nie meer vir hulself wou dink nie. Die geskiedskrywer Strabo kla dat mense van sy tyd so bygelowig was, dat hy glad nie logies met hulle kon redeneer nie. Rome het hierdie bygeloof gereeld met allerlei verhale, leuens en legendes gevoed ten einde in beheer van sake te bly. Die Roomse Kerk sou later dieselfde slenter gebruik – beheer deur misleiding.

Cicero het sy verontwaardiging uitgespreek en gekla dat die Romeinse baie agterlik was deur gode en godinne in alles raak te sien. Wanneer hulle bv. koring en wyn gebruik het, het hulle gesê dat hulle Ceres en Bacchus gebruik. Gode kon dus by wyse van absurde vormverwisselings geëet word. Die Roomse Kerk sou later dieselfde stuk heidendom toepas deur mense te laat glo dat hulle tydens die misoffer die werklike liggaam en bloed van Christus eet en drink!

Rome se godsdiens was 'n valse vroomheid wat deur opsetlike priesterlike misleiding aangewakker en in stand gehou is. Mense was te bygelowig om agter te kom dat hulle 'n rat voor die oë gedraai is. Die keisers het hierdie misleiding egter verwelkom omdat die gepeupel se vrees vir gode hulle in bedwang gehou het. Die priesters het gedoen wat die keiser wou hê en die

mense het gemaak soos wat die priesters gesê het. Die Roomse Kerk gebruik dieselfde resep!

Die Romeinse geskiedskrywer Varro onderskei die drie godsdienssoorte van sy tyd. Eerstens die *mitiese* soort wat slegs van literêre belang was. Tweedens die *fisiese* soort waarvoor daar nie in die openbaar gepraat is nie. Derdens die *burgerlike* soort waar dit in staatsbelang was om onderdane deur misleiding te beheer.

Laasgenoemde is baie sterk aangemoedig omdat dit logika onderdruk het. Mense moes nie dink nie; hulle moes net volg - *followers not thinkers*. Diegene wat wel gedink het, was nie baie gewild nie. Lucretius het bv. met sy *De Rerum Natura* mense van die bygeloof waarin die Grieks-Romeinse wêreld verval het, probeer bevry en homself baie ongewild by die keiser gemaak!

Met verloop van tyd het die tradisionele heidendom begin taan en is afgodstempels al hoe minder besoek. Etlikes het selfs in algehele onbruik verval. Desondanks het die gepeupel bly glo dat daar wel gode was wat mense voorspoedig of ongelukkig kon maak. Guns kon slegs deur toewyding verkry word.

2.3 Keiseraanbidding

Nadat Gaius Octavianus in 31 vC die burgeroorlog wat na die dood van Julius Caesar ontstaan het beëindig het, is hy as held en redder van die Romeinse ryk gehuldig. Hy is met die titel Augustus (die verhevene) vereer en openlik aanbid.

Die behoefte om 'n mens te aanbid, was egter niks nuuts nie. Na Julius Caesar se dood het die Roomse senaat 'n bevelskrif uitgevaardig dat hy voortaan as 'n god beskou en aanbid moes word waarna keiseraanbidding 'n nasionale kultus geword het. Babilon het ook konings aanbid (Dan.6).

Keiseraanbidding het uit die staanspoor vrugbare teëlaarde gevind. As gevolg van die onderlinge struwelinge en jaloesie onder priesters, was nie een van die gode of tempels gewild nie. Gevolglik kon die Romeinse Senaat die probleem oplos deur keiser Augustus as die onbetwiste hoof van die veelgodendom aan te wys. Daarna is keiseraanbidding op alle Romeinse burgers afgedwing en is oortreders selfs vervolg.

Die gepeupel het keiseraanbidding verwelkom bloot omdat dit iets nuuts was. Op daardie tydstip was die bevolking van Rome nie juis Romeins nie. Behalwe vir die welvarende heersersklas, het die bevolking grotendeels uit soldate, handelaars, slawe en ambagslui uit alle wêrelddele bestaan. Rome het soos die res van die Romeinse ryk gelyk - 'n wyd uitgestrekte gebied wat deur magsbeheptes deur middel van wreedhede, bose ambisie, verraad, kruiperige onderdanigheid en korrupsie bymekaar gehou is. Misdad was 'n deug en imbors 'n swakheid. Nie minder as vier Romeinse keisers is deur sg. vertrouelinge vermoor nie!

Keisers het van spioene gebruik gemaak om hulle van die gesindheid van die gepeupel te vergewis. Die vergoeding wat hierdie spioene ontvang het, was net so verfoeilik soos hul dade - priesterskappe, diplomatieke poste en goewerneurskappe. Ander het as't ware die keiser se voetbank geword. Dit het gemaak dat Rome by tye 'n raserny van verraad, onderdrukking, haat en terreur was. Slawe is omgekoop om hul base te verrai terwyl hooggeplaastes mekaar in die rug gestee het. Diegene wat geen vyande gehad het nie, is dikwels deur hul eie vriende onderkruip en ernstig benadeel.

Met geen vooruitsig om uit die bose groef van wantroue en haat te ontsnap en geen mag om aan die boeie van gedwonge onderdanigheid te ontkom nie, was die opwinding van 'n godsdienst wat 'n beter hiernamaals voorgehou het vir baie burgers die enigste ligpunt van hoop in hul armsalige bestaan. Vir slaaf, soldaat en armlastige was godsdienst 'n welkome geestesontvlugting. Vir priesters was dit 'n patetiese komedie van aangedikte heiligheid!

HOOFSTUK DRIE

BABEL EN ROME VERMENG

3.1 Satan se nabootsing

Die vermenging van Babiloniese en Roomse afgodery het tot die ontstaan van die Roomse Kerk gelei. Dit was 'n brousel van heksery, Judaïsme en die heidendom wat met 'n verdraaide Christendom vermeng geraak het.

“Ek wonder my dat julle so gou afvallig word van hom wat julle deur die genade van Christus geroep het, na 'n ander evangelie toe, terwyl daar geen ander is nie; behalwe dat daar sommige mense is wat julle in die war bring en die evangelie van Christus wil verdraai” (Gal.1:6,7).

Die Christelike kerk is van meet af aan vervolgd, maar het ten spyte van al die teenstand so sterk gegroei, dat die Satan van strategie verander en 'n valse kerk onder keiser Konstantyn op die been moes bring. Die Roomse Kerk moes gelowiges mislei en van die Evangelie vervreem. Konstantyn het die keiserlike waardigheid as hoofpriester van afgodery behou.

Konstantyn was nie 'n ware gelowige soos algemeen aanvaar word nie. Sy eie moeder, Helena, was bv. so bang vir hom, dat sy in selfopgelegde ballingskap in Jerusalem gaan woon het. Hy was 'n songodaanbidder wat ware gelowiges laat doodmaak het sodat baie van hulle vir hul lewe moes vlug. Hy was 'n prototipe van die Antichris en het bv. geweier om gedoop te word.

Hy is eers op sy doodsbed gedoop, waarna al sy senators en ander invloedrykes wat te bang was om gedoop te word, sy voorbeeld gevolg het.

Okkultiese bedrywighede het vrugbare teëlaarde in talle Roomse Kerke gevind. Baie kloosters was berug vir heksery, towery, beswerings, swart misoffers asook die drink van mensebloed. Ironies genoeg het die Roomse Kerk dikwels onskuldiges soos Johanna van Arkel en ander verdagtes op brandstapels as hekse laat verbrand!

Die Roomse Kerk is die Satan se nabootsing van die ware kerk en rig die mensdom oneindige skade aan. Sy het van meet af aan die Evangelie teengestaan en met haar valse verlossingsleer biljoene siele in die verdoemenis laat beland. Haar ganse kerksisteem, aanbiddingsvoorwerpe, feeste, rituele, seremonies en priesterskap is suiwer Babilonies van oorsprong. Selfs die pous is 'n replika van die Babiloniese koning.

Indien koning Belsassar (Dan.5) uit die dood moes opstaan en die fabelagtige Petruskerk in die Vatikaanstad met sy prag en praal moes betree, sou hy heelwaarskynlik dink dat hy in een van sy eie tempels wakker geword en niks sedert die nag van die vinger teen die muur verander het nie!

Roomse katedrale is so vol afgode, dat dit wesentlik niks van Belsasar se paleis verskil nie. “*Hulle het wyn gedrink en die gode van goud en silwer, koper, yster, hout en klip geprys*” (Dan.5:4). Desondanks spog die Roomse Kerk daarmee dat sy die *moeder van alle kerke* is en dat daar geen redding buite haar te vinde is nie.

Dis die grootste leuen van alle tye. Daar is in werklikheid geen redding binne Rome nie!

3.2 'n Karikatuur

Die Bybel is die enigste objektiewe kenbron waaroor die mensdom beskik. *“U woord is ‘n lamp vir my voet en ‘n lig vir my pad”* (Ps.119:105). Wie dit minag, struikel altyd. Die Roomse Kerk is ‘n sprekende voorbeeld hiervan. Dis beslis nie die kerk waarvan die Nuwe Testament en die vroeë kerkgeskiedenis melding maak nie, maar ‘n karikatuur daarvan. Dit het nie die Bybel as fondament nie, maar allerlei menslike leringe en heidentradisies waarteen die Bybel baie duidelik waarsku:

“Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle ‘n volk wat geen dageraad het nie” (Jes.8:20).

“Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooi van mense is. So maak julle dan die woord van God kragteloos deur julle oorlewering wat julle bewaar het; en dergelike dinge van dieselfde aard doen julle baie” (Mk.7:7,13).

“Maar al sou ons of ‘n engel uit die hemel julle ‘n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom ‘n vervloeking wees!” (Gal.1:8).

3.3 Misleiding

Toe die Christendom in die Romeinse Ryk versprei, het die heidendom so getaan, dat dit op ‘n stadium gelyk

het asof dit dood was. *“En die groot draak is neergewerp...”* (Openb.12:9). Die draak is egter slegs neergewerp, maar nie gedood nie. Die Satan het, soos in die tuin van Eden, slegs van gedaante verwissel ten einde die mensdom te mislei.

“En ‘n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was ‘n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone” (Openb.12:3). Vir die Grieke van weleer was ‘n draak ‘n baie groot slang. Johannes sien in hierdie gesig dus ‘n slang van vuur.

Geestelike verval het reeds in die dae van Noag se seuns met vuur- en sonaanbidding voorgekom. In Egipte is Ra, die songod, op verskeie maniere voorgestel. Die algemeenste was ‘n ronde skyf met ‘n slang daarop. Die Grieke het die vuurslang ‘n *basalisk* genoem en as ‘n koningsteken gehuldig. So ook die Egiptenare wat dit selfs op hul konings se hooftoisels aangebring het.

In Babilon is die basalisk Molog (Nimrod) genoem en is daar van tyd tot tyd kinders aan hom geoffer waarna die priesters kannibalisme beoefen het. Dit verklaar Openb.12:4: *“En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het”*.

In Openb.13 sien Johannes ‘n dier met ‘n dodelike wond uit die aarde opkom wat genees het: *“En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die wêreld het verwonderd agter die dier aangegaan”* (vers 3). Dit het gelyk asof die heidendom dood was, maar dit was nie.

Dit het net in 'n nuwe gedaante herleef - die Roomse Kerk!

Die vrou wat Johannes in Openb.17 sien, *Verborgeneid, die groot Babilon*, is die Roomse Kerk met al haar Babiloniese eienskappe. Die enigste verskil is dat dit 'n Christelike voorkoms het om mense te mislei. Met sy onskuldige voorkoms draai die Satan, net soos in die tuin van Eden, die mensdom weereens 'n rat voor die oë! Johannes sien dat die valse kerk die naam *Babilon* op haar voorkop het (Openb.17). Haar bedenklike optrede moet vir almal wat die waarheid liefhet soos 'n merk op die voorkop duidelik wees.

Christus, die apostel Paulus sowel as die Sendbriefskrywers waarsku ernstig teen hierdie godsdiensmisleiding.

“Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsgtige wolwe is” (Matt.7:15).

“Want ek weet dit, dat ná my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie. Ja, uit julle self sal daar manne opstaan wat verkeerde dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan” (Hand.20:29,30).

“Maar daar was ook valse profete onder die volk, net soos wat daar onder julle valse leraars sal wees wat verderflike ketterye heimlik sal invoer.....en baie sal hulle verderflikhede navolg, en om hulle ontwil sal die weg van die waarheid gelaster word” (2 Petr.2:1,2)

“Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Antichris kom, bestaan daar nou ook baie antichriste...Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons nie...” (1 Joh.2:18,19).

Soos Babel die hoofsetel van afgodery in die Ou Testamentiese tyd was, is Rome dit vandag. *“En die vrou wat jy gesien het, is die groot stad wat heerskappy voer oor die konings van die aarde”*(Openb.17:18). Die Romeinse geskiedskrywer Propertius maak onbewustelik 'n profetiese opmerking as hy na Rome as *“die trotse stad op sewe heuwels wat die hele wêreld regeer”* verwys. Dis presies wat Johannes later in Openb.17:18 sien.

Wat dus vandag op die oewer van die Tiberrivier (Rome) gebeur, het duisende jare gelede op die oewer van die Eufraatrivier gebeur. Die Roomse Kerk wys in werklikheid al vir 1500 jaar haar ware kleure sonder dat mense dit opmerk. So goed is haar misleiding!

3.4 Ooreenstemmende eienskappe

3.4.1 Verborgeneid

“en op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: Verborgeneid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en die gruwels van die aarde”. (Openb.17:5).

Die Roomse Kerk maak geen geheim van haar verborge karakter nie. Haar ampstaal is selfs is 'n verborge taal (Latyn) wat deur bitter min mense verstaan word. Niks is oop en bloot nie. Alles is, soos in Babilon, in duisternis en geheimsinnigheid gehul.

Verborgenhede verberg gewoonlik verkeerde dinge. 'n Eerbare saak hoef nie in die geheim gevoer te word nie. Daarom is alles in die kerk van Christus helder en duidelik. Ware gelowiges beoefen geen verborgenhede nie.

Wanneer Paulus oor die *“verborgenhede van die ongeregtigheid”* (2 Thes.2:7) skryf, verwys hy heelwaarskynlik na Babiloniese verborgenhede wat toe alreeds in sekere Christelike kringe kop uitgesteek het. Die leer van hierdie geheimsinnige teëparty is nie openlik die kerk ingedra nie, maar in die geheim beoefen om mense van die eenvoud van die Christelike geloof te vervreem. Die Roomse Kerk sou dit later openlik doen.

3.4.2 Beeldediens

Al gee die Roomse Kerk amptelik voor om geen afgodery te bedryf nie, is sy in werklikheid deurtrek daarvan. Omdat 'n mens eerder die sienlike as die onsienlike aanbid, verbied God gelowiges om beelde te aanbid (Ex.20:4,5). Die Roomse Kerk steur haar nie daaraan nie en besoedel haarself met beelde en skildery van allerlei sg. heiliges waarvan die Maagd Maria by verre die gewildste is.

Pous Boniface IV het in 610 openlik beeldediens in die kerk gevestig toe hy die Panteon, 'n heidentempel in Rome wat aan alle afgode gewy was, in 'n Christelike kerk omskep het. Daarna het hy afbeeldinge van Roomse heiliges daarin laat plaas en die kerk tydens 'n

luisterryke plegtigheid aan die Maagd Maria gewy. Vandaar die Roomse Kerk se verfoeilike *All Saints* fees.

Beskermheiliges speel 'n baie groot rol in die Roomse Kerk. Geen kerk word sonder 'n beskermheilige ingewy nie. Die eerste beskermheiliges was ver-Christelike Romeinse gode. Daarna het die Roomse Kerk 'n eie gallery van beskermheiliges ingerig. Optogte met beelde van die Maagd Maria op die skouers is 'n algemene gesig in Roomse lande. Priesters in veelkleurige tooisels en temerige musiek dra tot die absurde skouspel by. Sulke optogte verskil wesentlik niks van die sondige gouekalf feesvieringe (Ex.32) nie.

Die opskrif bo-aan Jes.46 lui: “Die gode van Babel en die God van Israel”.

“Hulle wat goud uit die geldsak skud en silwer afweeg met die weegskaal, huur 'n goudsmid, en hy maak daar 'n god van; hulle kniel neer, ook buig hulle. Hulle hef hom op die skouer, hulle dra hom en sit hom op sy plek neer...neem dit ter harte, o afvalliges!” (verse 6-9).

Die Roomse Kerk klee en kroon graag haar beelde. In sekere gevalle word dit selfs van nuwe klere voorsien wat onnodige onkoste meebring. Diegene wat hulle klee, is uiters bygelowig en glo dat hulle die guns van die betrokke heilige sal ontvang en met voorspoed vir hul daad vergoed sal word. Oud-Egipte het ook beelde geklee. Die Rosettasteen gee onder andere besonderhede van so 'n kleding.

Die kroning van die beelde is egter Babilonies van oorsprong. Nimrod was die eerste mens wat na

bewering 'n kroon gedra het. Na sy dood het die heidene beelde van hom laat maak wat van tyd tot tyd gekroon is.

HOOFSTUK VIER

MARIA EN DIE HEILIGES

4.1 Die Bybel swyg

Die Christendom het nooit soveel probleme met Maria gehad totdat die Roomse Kerk Christus verdring, 'n troon vir haar ingerig en haar as hemelse koningin gekroon het nie. Die Nuwe Testament sê baie min oor Maria. Haar laaste aangetekende woorde is reg aan die begin van Christus se amptelike bediening toe sy tydens 'n bruilof te Kana vir die diensknegte gesê het: "Net wat Hy vir julle sê, moet julle doen" (Joh.2:5).

Nêrens is daar enige Bybelse aanduiding dat sy tot dieselfde vlak as Christus verhef, aanbid of verheerlik moes word nie. Sy was slegs geseënd omdat sy die Christuskind gebaar het en niks meer nie. Daarom het die vroeë Christelike kerk geen Mariaverering geken nie.

In die 21 apostoliese briewe wat in die Bybel opgeteken is, word daar nie eenmaal na Maria verwys nie. Sy sou geen rol in die uitbreiding van die Christendom speel nie. Daarom is daar niks oor haar geskryf nie.

Tydens die verheerliking van Christus op die berg sê God: "Dit is My geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae

het. Luister na Hom!” (Mt.17:5). Rome doen dit nie, maar luister eerder na Maria! Let veral op Hebr.1:1: “Nadat God baie keer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun...” God praat slegs deur Christus. Verder gee Hy ook nie deur Maria nie, maar deur Christus: “Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die Vader sal vra in my Naam, sal Hy julle gee” (Joh.16:23).

4.2 ‘n Kultus

Protestante sal Rome se afgodiese liefde en toewyding aan Maria nooit begryp nie. Daarvoor moet ‘n mens met ‘n Roomse gewete gebreinspoel wees. Roomse Katolisisme is in werklikheid ‘n kultus. ‘n Kultus ontstaan waar buitengewone eerbetoon aan en/of aanbidding van ‘n mens geskied. Luister wat sê Benediktus XVI na sy verkiesing tot pous:

“Liewe broeders en susters. Na die heengaan van die groot pous, Johannes Paulus II, het die Raad van Kardinale my, ‘n eenvoudige, nederige werker in die Here se wingerd gekies. Ek troos my daaraan dat dit vir die Here moontlik is om met ‘n gebrekkige instrument te werk. Bo alles steun ek op julle gebede. Laat ons voorwaarts in die vreugde van die opgestane Here gaan, verseker van sy permanente hulp. Die Here sal ons help. Maria, sy heilige moeder is aan ons kant.

Dankie” (Afrikaanse vertaling van NBC News 19 April 2005).

Rome volg Babilon slaafs na deur Maria tot koningin van die hemel te verhef. Die Bybel weet van geen koningin van watter aard ookal in die hemel nie. Hoe word God nie geterg nie! “Die kinders maak hout bymekaar, en die vaders steek die vuur aan, en die vroue knie deeg om koeke te maak vir die hemelkoningin en vir ander gode drankoffers uit te giet om My te terg” (Jer.7:18).

Rome se fabelleer oor Maria stem met die leer van die Melekiete ooreen. Die Melekiete was ‘n vroeë Christelike sekte wat tydens die Sinode van Nicea (325nC) die afgevaardigdes probeer oortuig het dat die Drie-eenheid uit God (Vader), Christus (Seun) en Maria (middelaar) bestaan.

Die fabelleer oor Maria (Marialogie) is deur die eeue met allerlei lasterlike aankondigings en ‘n magdom van buite Bybelse tradisies opgebou. Die meeste daarvan is uiters subjektief soos haar verskynings aan mense. Die Marialogie, soos dit vandag verkondig word, is egter nie so oud nie. Die meeste daarvan is eers in die 20 ste eeu bygevoeg.

Wanneer dit by Mariaverering kom, het die lasteraar Alfonsus Liguori geen gelyke nie. Hy is in 1696 in Napels gebore en het ‘n boek Die Verheerliking van

Maria geskryf. Hy skryf dat 'n sondaar wat hom direk tot Christus wend gewoonlik bedroë daarvan afkom omdat hy hom in Christus se wraak op die sonde kan vasloop. Daarom is dit raadsaam dat sondaars hulle eerder tot Maria vir bemiddeling sal wend. Deur Christus haar borste waaraan Hy as baba gesoog het te wys, bedaar sy wraak.

Liguori laster indien hy sê dat Christus nie die nodige liefde en meegevoel vir sondaars toon alvorens sy moeder Hom daartoe oortuig nie. Hy speel Christus dus as 'n stroewe, hardvotige Regter teen 'n genadige en liefdevolle Maria af en sê dat haar moederhart meer toeganklik vir mense met probleme is. Christus is altyd gereed om reg en geregtigheid op te eis. Maria daarenteen is sagter, toegankliker en genadiger.

Geen mens het Christus ooit so onttron soos Alfonsus Ligouri nie. Hy het meesterlik daarin geslaag om Christus te verwyder en Maria op die troon van Roomse harte te plaas. In plaas daarvan dat hy weens laster en kettery uit die kerk geban is, is hy in 1819 tot heilige verklaar!

4.3 'n Lasterlike uitdrukking

Die Roomse Kerk laster deur Maria moeder van God te noem. Hierdie uitdrukking is vir die eerste keer tydens die Konsilie van Efese (431nC) gebruik en is later ook in

die Geloofsbelydenis van Calcedon (451nC) opgeneem. Die Konsilie van Efese wou Maria nie verheerlik nie, maar slegs Christus se Godheid teenoor afvalliges wat sy gelykheid aan die Vader en Heilige Gees betwyfel het, beklemtoon.

God is ewig en het derhalwe geen moeder nie. Maria was slegs na die vlees Christus se moeder; beslis nie die moeder van Jesus, die ewige Seun van God nie. As tweede Persoon van die Drie-eenheid is Jesus ewig en derhalwe ook Maria se Skepper. "Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, voordat Abraham was, is Ek" (Joh.8:57).

'n Moeder bestaan altyd voor haar kind. Daar was niemand voor God nie. Gevolglik laster Rome as sy Maria vereer asof sy voor God was. Met hierdie benaming keer Rome die Bybelse orde om. Sy verhoog die persoon wat die Heilige Gees klein wil sien (Maria) en verneder die Persoon wat Hy groot wil maak (Jesus). Daarom verwerp gelowiges hierdie uitdrukking met al die veragting wat dit verdien!

4.4 'n Valse middelaar

Die Roomse Kerk dwaal as sy leer dat sondaars wat hulle voor Christus verootmoedig, nooit werklik van gebedsverhoring seker kan wees nie. Sy leer dat

Christus Hom eerder met geregtigheid en oordeel besig hou en genadebetoning aan sy moeder oorlaat. Gevolglik het sondaars 'n beter kans om met hulle versugtinge by Maria geholpe te raak. Niemand sal buitendien na Christus wil gaan indien sy moeder meer toeganklik is nie.

Aartsbiskop Francesco Gioia skryf in sy *Mary, Mother of the Word, Model of Dialogue between Religions* dat God die enigste raakpunt tussen die Christendom en Islam is. Naas Hom weerkaats mense slegs sy heerlikheid. Mohammed het dit vir die Islam en Maria vir die Christendom gedoen. Deur Christus buite rekening te laat, weerspieël hy sy kerk se siening dat Maria die eintlike middelaar tussen God en mens is.

Die Roomse Kerk beeld Christus graag as 'n hulpelose uit – 'n baba, dood in Maria se arms of dood aan 'n kruis. So 'n negatiewe beeld laat mense beslis aan sy middelaarskap twyfel. Die Roomse Christus mag hoogstens gevoelens van meegevoel en hartseer opwek, maar beslis nie van hoop en vertrouwe nie!

Rome verkies al te duidelik 'n lewende Maria bo 'n dooie Christus. Strydig met die Bybelse belofte probeer Rome voorgee dat dit nie soseer die saad van die vrou (Jesus) is wat die kop van die slang vermorsel (Gen.3:15) nie, maar die vrou (Maria) self!

Rome voer 'n onsinnige argument aan en leer dat

omdat Christus deur Maria na die mens gekom het, mense deur haar na Hom moet gaan. Haar sielelyding by die aanskoue van die kruisiging is glo net so versoenend soos Christus se lyding aan die kruis. Dit maak van haar as't ware 'n vierde persoon in die Godheid.

Pous Pius XII het op 1 November 1950 die grootste onsin nog ooit oor Maria kwygeraak. Hy het in 'n ex cathedra uitspraak verklaar dat haar liggaam drie dae na haar dood opgewek is waarna sy as die koningin van die hemel opgevaar het. Daar het God haar 'n troon aan die regterhand van Christus laat inneem.

Daarmee trek die Vatikaan 'n parallel met Christus se opstanding en hemelvaart. In aansluiting hierby glo Rome dat Maria se geboorte bonatuurlik en sy sonder sonde was. Daarom is haar bonatuurlike koms met 'n bonatuurlike verlating afgesluit.

Die kerkvader Augustinus skryf in sy *De Peccatorum Meritis* terreg dat Maria van sondige vlees was. Omdat sy uit Adam gebore is, is sy weens die sonde dood. Daarom moes die vlees van Jesus, omdat dit uit Maria was, ook sterf om die sonde weg te neem.

Maria was 'n sondaar en sondaars kan nie redders wees nie. "En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat

onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie” (Hand.4:12).

4.5 Die aanbidding van Maria

4.5.1 ‘n Verbreking van die tweede gebod

Die Roomse Kerk behoort na reg eintlik die Mariakerk genoem te word. Maria is immers die vernaamste voorwerp van hulle aanbidding. Pouse bid onbeskaamd tot haar en moedig mense aan om hul voorbeeld te volg. In Augustus 1993 het pous Johannes Paulus II tydens ‘n groot misoffer in Denver (VSA) bv. die jeug en die hele wêreld onder die beskerming en leiding van Maria geplaas.

Katolieke bid eerder tot Maria as tot God. Hulle glo dat Maria en ander heiliges na hulle dood verheerlik is en van God die voorreg ontvang het om gebede aan te hoor. Mense wat tot dooies bid, sondig gruwelik. Dis ‘n verbreking van die tweede gebod. Dooies kan buitendien nie gebede hoor of verhoor nie.

Die Bybel leer dat gelowiges alleenlik vir mekaar mag bid, maar nooit tot mekaar nie. Desondanks leer Rome lynreg teen Hebr.4 dat daar wel vir en tot dooies gebid moet word. Deutr.18:10-12 waarsku baie duidelik teen geestestussengangers wat dooies raadpleeg.

Roomsgesindes kniel en bid onbeskaamd voor beelde van Maria. Pous Johannes Paulus II het die titel van Totus Tuam Maria (Alles vir jou Maria) gehad. Hy het twee keer by die dood omgedraai en daarna amptelik verklaar dat die heilige moeder sy lewe van die dood gered het. Hy moes beslis tot haar gebid het. Semiramis, die koningin van die hemel, is en bly na meer as 2,500 jaar nog steeds gewild!

Nêrens in die Bybel is daar enige aanduiding dat daar tot Maria gebid moet word nie. Die wyse manne uit die Ooste het die Jesuskind aanbid en nie Maria nie. In die Ou Testament het gelowiges nooit tot Abraham, Moses, Dawid of enige ander geloofsheld gebid nie. Nog minder het engeen van die apostels gelowiges versoek om tot ‘n ontslapene te bid.

Die Bybel praat ook nêrens van mense wat na hul dood skakeling met lewendes behou het of dat hulle enige gebede kon hoor nie. Desondanks leer die Roomse Kerk dat Maria gebede kan hoor en verhoor. Dit maak nie sin nie. Hoe sukkel ‘n mens nie om na drie of vier mense tegelyk te luister nie? Maria is nie alwetend of alomteenwoordig soos God nie!

4.5.2 Nie sonder sonde nie

Op 8 Desember 1854 het biskoppe uit alle wêreldede in Rome byeengekom en met slegs vier teenstemme

besluit dat Maria sonder sonde ontvang en gebore is en voortaan as die Onberispelike Maagd vereer sou word. Dit rym nie met Maria wat in haar eie woorde haar behoefte aan 'n verlosser erken nie: "My siel maak die Here groot, en my gees is verheug in God, my Saligmaker" (Lk.1:46,47). Alleenlik sondaars het 'n behoefte aan 'n verlosser. "want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God" (Rom.3:23).

4.5.3 Aanbiddingsplekke

Die Roomse Kerk het deur die jare spesiale aanbiddingsplekke vir Maria ingerig. Miljoene pelgrims stroom jaarliks na plekke soos Lourdes (Frankryk), Fatima (Portugal) en "Ons Dame van Guadalupe" (Mexiko) om spesiale seën of genesing te ontvang. Daar is mense wat beweer dat Maria op die berg Karmel aan hulle verskyn het.

Lourdes is egter die gewildste pelgrimsoord. Vier jaar na die pouslike uitspraak oor die vlekkelose geboorte van Maria, het sy in 1858 glo 18 keer aan 'n Franse dogtertjie by Lourdes verskyn en haar as die Onberispelike Maagd voorgestel. Omdat die kind op daardie stadium niks van diè pouslike uitspraak geweet nie, het Rome diè verskynings as 'n goddelike bevestiging van die kerk se nuwe leer beskou. Die verskynsel het die kind aangesê om op die plek waar sy

gestaan het vir water te gawe waarna die water 'n riviertjie gevorm het waarin mense na bewering genesing vind.

4.5.4 'n Valse Maria

Rome se Marialogie weerspreek die Evangelie dat God sy heerlijkheid aan niemand anders as Jesus Christus gegee het nie. Net soos wat die Jesus wat in die Mormoonse kerk verkondig word nie die Jesus van die Bybel is nie, is die Maria van die Roomse Kerk nie die Bybelse Maria nie. Die regte Maria was geseënd, nederig en het 'n behoefte aan 'n Verlosser gehad.

Daar is deur die eeue soveel fiksie en fabel aan Maria toegedig, dat die werklike Maria in die stortvloed van Roomse leuens en misleidings verdwyn het. Desondanks bly die valse Maria die rolmodel vir vrouelidmate van die Roomse Kerk. Sy word as't ware die dwangbuis waarin Rome al haar vrouelidmate probeer dwing ten einde hulle te beheer.

Die laaste keer dat die Bybel van haar melding maak, bid sy op dieselfde vlak saam met haar medegelowiges: "Hulle almal het eendragtig volhard in gebed en smeking, saam met 'n aantal vroue en Maria, die moeder van Jesus..." (Hand.1:14).

4.6 'n Heidenooreenkoms

Semiramis is bloot vanuit die een afgodiese sisteem na 'n ander een oorgeplaas. Haar naam is verander, maar nie haar sonde nie. Dis nog steeds afgodery. Johannes skryf in Openb.13:14 dat daar 'n beeld van die dier waarvan die dodelike wond genees is, gemaak is. Dis die Mariabeeld waarvan daar miljoene in die wêreld in omloop is. In Efese waar Semiramis as Diana bekend was, is daar eeue gelede duisende silwer beelde van haar gemaak en verkoop. Argeoloë het al etlikes hiervan tydens opgrawings gevind.

Wat in die Roomse Kerk gebeur, is niks nuuts nie. Dis 'n herlewing van heidense beeldeverering. Die Babiloniërs het ook geglo dat Semiramis uit die dood opgestaan en ten hemel gevaar het om vir ewig 'n ereplek as die hemelkoningin te beklee.

Johannes sien in Openb.14 dat die dier uit die aarde aan die beeld spraak gee. Die beeld het dus geen lewe of 'n eie stem nie. Die dier gee beide. Maria spreek by wyse van dwaalleer. Sy buikspreek die Satan en staan die ware kerk teen.

Die Roomse uitbeelding van Maria is geensins Joods nie maar eg Babilonies. Maria word as 'n jongvrou met blou oë en blonde hare uitgebeeld. Dit stem eerder met afbeeldings van Semiramis, soos deur die argeoloog Sir Robert Ker-Porter jare gelede in Babilon

gevind is, ooreen. Rome stel Maria dikwels met 'n stralekrans om die kop voor. Semiramis is op soortgelyke wyse afgebeeld. Die stralekrans is simbool van die songod.

Semiramis is ook as 'n vrou met 'n wynbeker in haar uitgestrekte hand uitgebeeld. Johannes beskryf die kerk van die Antichris as 'n magtige vrou met 'n goue beker in haar hand: "En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand 'n goue beker gehad..." (Openb.17:4). Purper en skarlaken is die Roomse Kerk se amptelike kleure.

In 1825 het pous Leo X11 'n herdenkingsmedalje uitgegee wat die Roomse Kerk as 'n sittende vrou met 'n beker in haar uitgestrekte hand uitbeeld. Die onderskrif lui: "Die hele wêreld is haar setel". Die Roomse Kerk gaan aan die einde van alle tye so magtig word, dat sy die wêreld gaan beheer. Johannes vergelyk haar invloed met hoerery: "...en die bewoners van die aarde het dronk geword van die wyn van haar hoerery"(Openb.17:2). Semiramis is ook deur baie konings vereer.

4.7 Heiliges

Die Roomse Kerk bid ook nog tot heiliges – dooies wat

baie vir die kerk gedoen en na hulle dood tot heiliges verklaar is. Pous Gregorius I is bv. in 1295 tot heilige verklaar en word as die beskermheilige van kerkskole, koorsang, onderwysers, skoliere, studente, sangers, musikante, messelaars en knoopmakers vereer. Daar word ook tot hom vir die verlossing van jig of builepes gebid.

In die Vatikaanstad is die gebalsemde liggeme van 'n aantal pouse in glaskaste te sien. So is pous Johannes XXIII, wat in 1964 oorlede is, bv. in 2000 opgegrawe en in 'n glaskas geplaas. Ongelowiges kniel en bid gereeld voor sy kis.

Die Woord van God verwerp uitdruklik die aanbidding van heiliges. Die apostel Petrus is 'n sprekende voorbeeld hiervan. "Toe Petrus dan binnekom, het Cornelius hom tegemoetgegaan en aan sy voete neergeval en hom hulde bewys. Maar Petrus het hom opgerig en gesê: Staan op, ek is self ook maar 'n mens" (Hand.10:25,26). Paulus en Barnabas doen dieselfde in Hand.14. Die aanbidding van dooies is suiwer Babilonies en maak die bidder vir demoniese besitname ontvanklik.

Die Bybel praat ook van heiliges, maar met dié verskil dat hulle lewe - die gelowiges van destyds. "Paulus, 'n apostel van Jesus aan die heiliges wat in Efese is..." (Efes.1:1). Sondaars het nie die bemiddeling van Maria, ontslapenes of selfs engele vir hul redding nodig nie.

Daar is 'n direkte verbindingslyn deur Jesus Christus met God. Die brief aan die Hebreërs handel breedvoerig hieroor.

Om redding uit die hande van die Saligmaker te neem en in die hande van mense te plaas, is ongehoorde laster. Om menslike middelaars tussen die Saligmaker en sondaars in te druk, pluk die hart uit die Evangelie. Christus sê duidelik: "Kom na My toe" (Mt.11:28). Hoe durf 'n kerk hieraan verander!

HOOFSTUK VYF

DIE POUS

"Johannes skryf in Openb.13:18 dat die Antichris die simboliese getal 666 het; 'n getal wat mense al eeue lank aan die raai het... In Babilon het elke letter 'n sekere getalswaarde gehad. S was 60, T= 400, U= 6 en R= 200. Gevolglik is die volle getal van STUR 666. Wie is Nimrod se hoëpriester en verteenwoordiger op aarde? Die pous! Gevolglik is die laaste pous die Antichris."

5.1 Aanstootlike benamings

Die woord *pous* kom van die Latynse *papa* wat *vader* beteken. Roomse priesters word lynreg in stryd met Christus se bevel ampshalwe *vader* genoem: "En julle moet niemand op die aarde julle vader noem nie, want een is julle Vader, Hy wat in die hemele is" (Mt.23:9).

As magshebber word die pous ook pontifikaat genoem wat *brugbouer* beteken. Dis 'n heidentitel waarmee Romeinse keisers, wat ampshalwe ook die hoëpriesters van afgodery was, as brugbouers tussen die aardse en hiernamaalse lewe beskou is. So 'n keiser het as die Pontifex Maximus bekend gestaan. Siricius (384-399) was egter die eerste biskop van Rome wat homself *pous* genoem het.

5.2 Magsbehep

Die vroeë Christelike kerk het geen hierargiese gesagstrukture geken nie. Gelowiges is as dienaars geag en nie as heersers nie. Almal was broers en derhalwe gelyk. 'n Leraar is as die eerste onder die gelykes beskou en niks meer nie. Namate die Satan die lig van die Evangelie begin verdof het, is 'n vreemde leer die kerk ingedra met ampsdraers wat, soos in oud-Babilon, met geheimsinnige mag oor ander geheers het.

Gelowiges het van die begin af Christus as die Hoof van die kerk bely. Die Bybel het hulle so geleer. "*En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul*" (Efes.1:22,23). "*En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees*" (Kol.1:18). "*Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik*" (Kol.2:9).

In stryd met die Skrif leer die Roomse Kerk dat die pous die *leraar van God, hoof van alle kerke, vader en leermeester van alle Christene en heerser oor die wêreld* is. Die pous neem wederregtelik die plek van Christus in. Behalwe dat hy as *heilige vader* of *sy heiligheid* aangespreek word, verwag hy onverbiddelike onderworpenheid aan hom. Kardinale het eeue lank voor pouse neergeval en hul voete gesoen!

Die Bybel leer dat die pous nie God se leraar op aarde is nie, maar wel die Heilige Gees: "*maar die Trooster, die*

Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het"(Joh.14:26). Deur homself as *heerser van die wêreld* te sien, trap die pous in dieselfde strik wat Satan vir Christus probeer stel het (Mt.4:8-10). Hy behoort eerder Christus se voorbeeld na te volg en vir die verleier te sê: "*Gaan weg, Satan!*"

Die optrede van Roomse pouse verskil hemelsbreed van diè van Petrus wat homself 'n mede-ouderling noem: "*Hou as herders toesig oor die kudde van God... nie uit dwang nie, maar gewilliglik; nie om vuil gewin nie...ook nie as heersers oor die erfdeel nie, maar as voorbeelde vir die kudde*" (1 Petr.5:2,3).

"Maar Jesus het hulle na Hom geroep en gesê: Julle weet dat die owerstes van die nasies oor hulle heers en die groot manne oor hulle gesag uitoefen; maar sò moet dit onder julle nie wees nie; maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees. En elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet julle dienskneg wees; net soos die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie" (Mt.20:25-28).

5.3 Fasisties

Pouse het deur die eeue al hoe meer van die leer van die Nuwe Testament afgewyk en mense mislei deur hulle te laat glo dat die Roomse Kerk die enigste weg na die hemel is. Daar was selfs 'n era wat as die *Donker Eeue* in die geskiedenis bekend staan; sprekend van die

sataniese duisternis wat die lig van die Evangelie verdof het.

Die Roomse Kerk het die ou Babiloniese resep van *beheer deur godsdiens* toegepas en volle beheer oor die lekedom verkry. Koninklikes soos koningin Elizabeth 1 en keiser Hendrik IV van Duitsland is selfs uit die kerk geban toe hulle die kerk teengestaan het. Gevolglik het die juk van Rome swaar op onderhoriges gedruk.

Die Roomse Kerk het 'n bedenklike geskiedenis waarop sy allermens trots kan wees. Haar samewerking in die verlede met rewolusionêre magte in Europa behoort haar te beskaam. Sy is wesentlik fasisties - 'n diktatoriale politieke bestel waarin die staat alles beheer en onverbiddelike gehoorsaamheid aan hoër gesag op burgers afdwing.

5.4 Onfeilbaarheid

Die Roomse Kerk leer sedert 1870 die onfeilbaarheid van die pous. Wanneer 'n pous vanuit sy ampsstoel (*ex cathedra*) as leraar van alle Christene spreek, maak hy kwansuis geen foute nie. Sulke uitsprake word as komende van God beskou waardeur Hy die kerk gereeld oor sake van geloof en sedelikheid inlig ten einde dit te verryk. Ex cathedra-uitsprake geniet in Roomse geleedere dieselfde gesag as die Woord van God en is op die hele kerk van toepassing

Die pous word as sulks nie as sondeloos geag nie. Met sy *ex cathedra* uitsprake werk hy slegs in sy

hoedanigheid as geestelike wêreldleier sekere leerstellings wat in die boesem van die kerk is van naderby uit. Alhoewel pouse, teoreties gesproke, nie nuwe leerstellings kan verkondig nie, doen hulle dit wel!

Daar was, interressant genoeg, geen *ex cathedra* uitsprake voor die 11de eeu nie. Selfs in die 14de eeu wat deur lewendige debatte oor die aard van pouslike uitsprake gekenmerk is, het pouslike onfeilbaarheid nooit ter sprake gekom nie. Selfs na 1870 was pouse maar redelik onwillig om hierdie *gawe* te gebruik. Hulle het eerder biskoppe en teoloë genader om die nodige studie te doen waarna hulle 'n finale besluit geneem het. Desondanks glo Rome dat alle *ex cathedra* uitsprake foutloos is.

“Waarom ken julle nie my stem nie? Omdat julle na my Woord nie kan luister nie. Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan” (Joh.8:43,44).

Die leer van die onfeilbaarheid van die pous gee miljoene mense valse gerustheid. Hulle weet nie veel van die Bybel nie want die onus vir hulle saligheid berus op die kerk met haar onfeilbare pous. Daarby voer pouse ook geen Skriftuurlike grond vir hul doen en late aan nie. Dis, om die minste te sê, niks anders as valse gewetensverligting nie.

Die leer van die onfeilbaarheid van die pous stuit gelowiges teen die bors. Sondaars het nie 'n onfeilbare ampsdraer nodig om hulle in die hemel in te lei nie. Daarvoor het hulle die Bybel en die Heilige Gees om hulle in die waarheid te lei. *“Want almal wat deur die Gees van God gelei word, diè is kinders van God”* (Rom.8:14).

5.5 'n Groot verskil

Die verskil tussen Christus en Roomse pouse is net te skerp dat hulle ooit Christus se verteenwoordiger op aarde kan wees. Christus het nooit 'n ampskroon gedra en is nooit in 'n stoel vervoer nie. Hy het nooit duur klere gedra of deur mense met buigings van die knie begroet nie. Christus het eenvoudige klere gedra en is gewoonlik deur mense gespot, gehoon en verag. Waar Christus wat beswaarlik 'n lêplek vir sy kop kon vind, leef pouse deur die eeue baie luuks. Die grootste verskil is egter die feit dat waar baie pouse onskuldige bloed aan hulle hande het en duisende se lewens laat beeïndig het, Jesus sy bloed vir sondaars gestort het sodat hulle kan leef!

5.6 Petrus, die eerste pous?

Die Roomse Kerk leer dat die apostel Petrus in 42 nC as eerste biskop na Rome gekom het en dat hierdie amp na sy dood aan 'n opvolger oorgedra is. Dis hoogstens spekulasie en kan nie met sekerheid bevestig word nie. Daarvoor is die geskiedenis te onvolledig.

Daarbenewens rep die Bybel ook geen woord oor Petrus in Rome nie.

Die pousdom het in werklikheid eers in die vyfde eeu in Rome ontstaan en het derhalwe geen raakpunte met die Nuwe Testamentiese kerk nie. Christus het beslis nie so 'n amp vir sy Kerk bestem nie. Dis eerder die werk van die Satan wat die Roomse Kerk van geestelike krag ontnem het deur haar wêreldse mag te gee (Mt.4:8,9).

Benewens die twee briewe wat Petrus geskryf het, is daar ook 13 briewe van Paulus in die Nuwe Testament opgeneem. Nie een van hulle verwys na Petrus as die biskop van Rome nie. In sy brief aan die Romeine maak Paulus nie eens van Petrus melding nie. Indien Petrus so 'n belangrike amp beklee het soos wat die Roomse Kerk voorgee, sou Paulus baie beslis melding daarvan gemaak het. Hy was immers self in Rome.

Die Roomse Kerk voer selfs argeologiese getuienis aan dat Petrus wel in Rome was en daar oorlede is. Hierdie argument word gegrond op 'n graf wat jare gelede tydens opgrawings onder die hoofaltaar in die Petruskerk gevind is en deur pous Paulus VI as dië van Petrus geeïen is.

Petrus was na alle waarskynlikheid nooit in Rome nie. Die pousdom het sy huidige beslag eers in 590nC onder Gregorius die Grote gekry. Wie dus 'n ononderbroke lyn vanaf Petrus tot op hede wil trek, skiet lelik spek! Christus het Petrus nooit as 'n aardse hoof geormerk nie. Die kerk van Christus het geen aardse hoof nie omdat Christus die Hoof daarvan is.

5.7 Die heidendom herleef

Die Roomse Kerk is so van die heidendom deurtrek, dat daar beswaarlik iets Christeliks in te vinde is. Pouse word soos die keisers van ouds as *u heiligheid* aangespreek en is in die verlede soos keisers van plek tot plek in 'n drastoel gedra.

Rome se magstelsel is suiwer heidens. Die Kollege van Kardinale met die pous aan die hoof is niks anders as 'n nabootsing van die ou Romeinse Kollege van Hoëpriesters met sy Pontifex Maximus (heerserpriester) aan die hoof nie. Die eertydse biskoppe van Rome was eersugtig en op meer erkenning aangedring bloot omdat hulle die hoofstad verteenwoordig het.

Toe die Romeinse Ryk die Christendom tot staatsgodsdienst verklaar het, is afgodery nie summier verban nie. Die geskiedskrywer Hieronimus meld dat daar in Rome alleen 424 plekke van heidenaanbidding was en dat die reuk van afgodsoffers gelowiges aanstoot gegee het.

Afgodery het egter geleidelik in onbruik verval totdat dit bykans verdwyn het. Dit het eers later met die lewe en optrede van die biskop van Rome nuwe lewe verkry en daarna van krag tot krag gegaan. Hierdie biskop het die gesag van die eertydse Pontifex Maximus uitgeoefen en is deur 'n Raad van Biskoppe bygestaan. Hulle moes egter onverbiddelike trou aan hom sweer waarna hulle hom met die aanstelling van ampsdraers in sy ryksgebied gehelp het.

Die biskop van Rome het spoedig soveel mag gehad, dat 'n edik in 445 uitgevaardig is wat hom tot hoof van die ganse Christelike kerk verklaar het. Ondergeskiktes moes elke opdrag van hom onvoorwaardelik uitvoer. Rome het verteenwoordigers oor die hele Europa en ander wêrelddele uitgestuur en ondergeskiktes by wyse van kerklike despotisme onderdruk. Teen 600nC was daar 10 koninkryke in Europa wat die pous as God se verteenwoordiger op aarde erken het. Sommige het hom selfs as die middelpunt van eenheid verafgod.

5.8 Die Raad van Kardinale

Rome se Raad van Kardinale is ook Babilonies van oorsprong. Die woord *kardinaal* kom van die Latyn *cardo* wat *skarnier* beteken. Die afgod Janus is in Babilon as die god van deure en skarniere vereer wat die poorte van ewige geluksaligheid vir mense oop of toe kon maak. Wanneer die pous verkondig dat daar geen saligheid buite Rome is nie, tree hy in werklikheid as 'n hoëpriester van Janus op deur die poort vir mense toe te sluit.

Die biskop van Rome is van oudsher af as die hoogste gesag in die Roomse Kerk beskou en aanvaar. Toe die sleutel van Janus (ampsverantwoordelikheid) vir hom te swaar geword het, is hy van helpers voorsien wat hom met die gesag van die skarnier bygestaan het. Hulle is kardinale (priesters van die skarnier) genoem.

Oral waar die ou Babiloniese afgodery byval vind, is 'n hoëpriester aan die stuur van sake. In Babel was die

koning ampshalwe die hoëpriester. Die geskiedskrywers Strabo en Herodotus skryf dat die Babiloniese konings ampspantoffels gedra het wat as teken van onderdanigheid deur onderdane en ondergeskiktes gesoen is. Hierdie gebruik het ook in die Roomse Kerk te lande gekom. Wanneer 'n nuwe pous in die verlede aangewys is, het die kardinale hul onvoorwaardelike trou aan hom bewys deur voor hom neer te val en sy voete te soen.

5.9 Hoed en staf

Die pous se kenmerkende tweepunthoed wat hy tydens ampseleenthede dra, is ook Babilonies van oorsprong. Afbeeldings van die Babiloniese afgod Dagon toon hom met 'n soortgelyke hooftoisel. In hierdie opsig verskil die pous se hooftoisel skerp van die tulbande wat Aäron en die ander Joodse priesters gedra het. Syne is heidens.

Die pouslike *krosier* (staf) is ook Babilonies van oorsprong. Wanneer Babiloniese waarsêers die toekoms voorspel het, het hulle 'n *lituus* gebruik; 'n staf wat soos 'n hoofletter J gelyk het en waarmee die magte van die duisternis om onthullings genader is. Dis waar die mitologiese toorstaf vandaan kom. Nimrod se opvolgers het almal litusse gehad.

5.10 Die getal van die Antichis

Johannes skryf in Openb.13:18 dat die Antichris die simboliese getal 666 het; 'n getal wat mense al eeue

lank aan die raai het. Die verklaring hiervan is nie moeilik indien dit teen die agtergrond van Babiloniese afgodery gesoek word nie. Wie die naam van die misleidingsstelsel ken, sal die hoof daarvan herken. Die naam hiervan is *verborgenheid* en enigste sleutel waarmee die getal ontrafel kan word.

Ingelyfdes in die Babiloniese verborgenhede het Nimrod onder die naam STUR vereer. In Babilon het elke letter 'n sekere getalswaarde gehad. S was 60, T= 400, U= 6 en R= 200. Gevolglik is die volle getal van STUR 666. Wie is Nimrod se hoëpriester en verteenwoordiger op aarde? Die pous! Gevolglik is die laaste pous die Antichris.

Calvyn was in die kol toe hy die pous die Antichris genoem het. In sy Institusie lewer hy kommentaar op Dan.7:25: *“En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word....”* Calvyn gaan verder en sê: *“Sommige mense reken dat ons te reguit praat en te krities is waar ons die Roomse Katolieke pous die Antichris noem. Maar diegene wat hierdie beskuldiging teen ons inbring, besef nie dat die apostel Paulus self van dieselfde aanmatigings beskuldig is nie. Want ons gebruik slegs sy taal en sê net wat hy lankal reeds verklaar het. Hierdie profesie kan op niemand anders betrekking hê nie”.*

Gesien in die lig dat die Roomse Kerk die Babiloniese afgodery voortsit, is elke pous 'n prototipe van die Antichris. Wie die pous vereer, vereer in werklikheid

die Satan. Luister wat sê Paulus van die Antichris: *“hy wie se koms is volgens die werking van die Satan...”* (2 Thess.2:9). Gevolglik is die Satan die hoof van hierdie magtige, misleidende stelsel van toegeweide boosheid wat vandag Roomse Katolisisme genoem word.

Die kroning van die Antichris sal na alle waarskynlikheid soos die aanwysing van 'n pous geskied. Die wêreldmedia sal, soos in die verlede, die een wat heilig lyk, vereer. Jesus waarsku ons eindtydse gelowiges baie duidelik: *“Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê”* (Mt.24:24,25).

HOOFSTUK SES

PRIESTERS

"Die Bybel ken slegs die vrywillige weerhouding van die huwelik waar enkelinge soos Paulus hulle aan 'n groot doel gewy het. Die gawe van weerhouding is wel 'n seën, maar om die selibaat op kerklui af te dwing, is heidens en gee dikwels aanleiding tot seksuele vergrype... Die huwelik is 'n vrou se natuurlike, Godgegewe voorreg. Haar hoogste doel op aarde is nie om 'n non te wees nie, maar om 'n goeie vrou vir haar man en goeie moeder vir haar kinders te wees... "

6.1 'n Uitgediende amp

As die hoof korrup is, moet die res van die liggaam ook korrup wees. Roomse ampdraers vertolk almal 'n heidenrol - van die pous tot by die priesters. Gevolglik skiet hulle ver tekort by die Bybelse voorskrifte vir kerklike opsieners (1 Tim.3:1-7). Evangeliedienaars voed God se skape deur sy Woord (Mt.4:4). Allermens Roomse priesters! Hulle bedien 'n uitgediende amp waarvan die geestelike voedsel geen kilojules bevat nie. In die Ou Testament het die priester 'n waardige amp bedien deur vir sondaars by God in te tree en met offergawes versoening vir hulle sondes te verkry. Priesters was egter 'n voorafskuwing van Christus, die

eintlike Hoëpriester, wat in die volheid van die tyd na die aarde gekom het (Gal.4:4). Daarom is die priesteramp na die kruisiging van Christus afgesluit omdat sondaars God voortaan direk en sonder enige tussenganger kon nader.

Die priesterskap is met 'n nuwe amp vervang. Elke gelowige is 'n priester met Jesus Christus as Hoëpriester. *"Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom..."* (1 Petr.2:9). *"...Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader..."* (Openb.1:5,6).

Sondaars word nie op grond van persoonlike toewyding of eie verdienste geregtig nie, maar alleenlik op grond van Christus se soenverdiens. Sy offer aan die kruis is genoegsaam. Toe Hy in pyn uitroep: *"Dit is volbring"* (Joh.19:30) en sterf, het Hy die perfekte offer gebring wat op geen manier herhaal, aangevul of vernuwe kan word nie.

Daarmee is die bring van offers nie gestaak nie. Gelowiges het op drie nuwe maniere geoffer. Eerstens deur die bring van geestelike offers soos lofprysing: *"Laat ons dan gedurigdeur Hom aan God 'n lofoffer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely"* (Hebr.13:15). Tweedens deur stoflike gawes sodat die werk van die Here kan voortgaan: *"Vergeet die weldadigheid en mededeelsaamheid nie, want God het 'n behae aan sulke offers"* (Hebr.13:6). En laastens deur hul lewens in diens van God te stel: *"Ek vermaan*

julle dan.....dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer...." (Rom 12:1).

Die Nuwe Testament maak nêrens van 'n voortsetting van die Ou Testamentiese priesterskap of offers melding nie. *"En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk..."* (Efes.4:11). Geen woord word oor priesters gerep nie. Die brief aan die Hebreërs handel onder andere oor die wegdoen van die priesterskap.

Deur te leer dat God nog steeds deur priesters genader moet word, verstaan die Roomse Kerk baie duidelik nie God se pad van versoening nie. Gelowiges daarenteen glo dat die mens slegs op grond van Christus se versoeningsdood vrye toegang tot God het. Deur priesters tussen God en die mens in te druk, maak die Roomse Kerk sondaars se pad na die hemel bewustelik toe.

"Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Jesus Christus" (1 Tim.2:5). Die Roomse Kerk leer dat daar baie is – priesters, Maria, heiliges, engele ens. Daar word selfs tot hulle gebid. Johannes wou dit ook in 'n verrukking van sinne doen, maar is ter stond verhoed: *"En ek het voor sy voete neergeval om hom te aanbid; maar hy het vir my gesê: Moenie! Ek is 'n mededienskneg van jou en jou broeders wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God..."* (Openb.19:10).

Toe Christus aan die kruis op Golgotha sterf, het die gordyn in die tempel middeldeer geskeur (Luk 23:45).

Daardeur het God laat blyk dat Hy voortaan nie meer deur menslike middelaars genader kon word nie. Christus het deur sy dood 'n direkte verbindingslyn tussen God en gelowiges geskep. Desondanks het die eertydse tempelpriesters die geskeurde gordyn weer aanmekeer gewerk en vir die volgende 40 jaar, tot en met die val van Jerusalem, steeds deur priesters laat offer. Rome doen presies dieselfde. Met haar voortsetting van 'n uitgediende priesteramp, werk sy die geskeurde en uitgediende gordyn as't ware weer aanmekeer!

Die vroeë Christendom het geen priesteramp gehad nie. Nêrens in die Nuwe Testament word diè woord vir 'n kerklike voorganger gebruik nie. Petrus stel hom as volg voor: *"Ek vermaan die ouderlinge onder julle, ek wat 'n mede-ouderling en getuie van die lyde van Christus is..."* (1 Petr.5:1). Paulus het nie priesters nie, maar ouderlinge in nuwe gemeentes aangestel.

Geen funksie van Nuwe Testamentiese leraars stem met diè van Roomse priesters ooreen nie. Titels soos *aartsbiskop, kardinaal* of *pous* kom nêrens in die Bybel voor nie; alleenlik *biskop*. Dit was destyds 'n geheel ander amp as wat Rome vandag beoefen. Dit is as wisselvorm vir ouderling gebruik.

6.2 Outokraties

Christus het baie wonderlike voorregte vir sy Kerk bestem. Met die voortsetting van die priesteramp gooi

Rome dit as't ware terug in sy gesig. Terwyl die Bybel leer dat gelowiges voor God gelyk is, stel Rome geestelike diktators aan wat hulle bo mense verhef. *"Julle is duur gekoop; moenie slawe van mense word nie"* (1 Kor.7:23).

Die Christendom is wesentlik demokraties. Rome daarenteen is verstikkend outokraties en tree vreemd aan die Skrif op. Die vroeë kerk het uit 'n groep georganiseerde, gedoopte gelowiges bestaan wat die Nuwe Testamentiese voorskrifte stiptelik nagevolg het. Toe die gemeente in Jerusalem meer organisasie benodig het, is dit op demokratiese wyse gedoen. *"En die twaalf het die menigte van die dissipels byeengeroep en gesê: Kyk dan uit, broeders, na sewe manne uit julle, van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid, wat ons oor hierdie nodige saak kan aanstel"* (Hand.6:2,3). Nie Petrus of enige ander dissipels het ooit in eie reg opgetree nie; almal het saam besluit.

In die Roomse Kerk het lidmate geen inspraak in die samestelling van die plaaslike kerk nie – nie in die keuse van priesters, kerklike administrasie of gemeentelike bates nie. Die kerk verwag van mense om hulle onvoorwaardelik aan die kerklike gesag te onderwerp en alle voorskrifte slaaf na te kom.

Daarom meng die Roomse Kerk gedurig in private aangeleenthede in - selfs in sake tussen man en vrou en ouers en kinders. Sy meng gereeld met die verloop van hofsake en erflatings in en het al dikwels regerings gedwing om katedrale te bou en priesters se salarisse

te betaal. Mense wat weerstand gebied het, het dikwels lelik tweede gekom! Sommige het hul werk, eiendom of selfs hulle lewe verloor. Die Roomse Kerk is 'n kerklike tirannie soos nêrens anders op aarde gevind word nie!

Katolieke is aan die opdragte van die Konsilie van Trent (16de eeu) gebind. Een daarvan lui dat 'n priester 'n man van God is en dat elkeen wat hom verag, God verag. Elkeen wat na hom luister, luister na God. Daarbenewens kan hy net so goed as God sondes vergewe.

Rome leer haar mense van jongs af om nie net die gesag van die priester oor die hele spektrum van hul morele, sosiale en politieke lewe te erken nie, maar ook onvoorwaardelik te aanvaar. Sonder 'n hierargiese priesterskap stort die pouslike sisteem in duie.

Kortom verskil Roomse kerklui weinig van hul eertydse Babiloniese kollegas wat ook 'n bouse houvas op hulle mense gehad het. Dis immers een en dieselfde sisteem! Almal moet soos Rome dink en glo. Dit gee aan priesters 'n vrye hand om enige inhoud aan die godsdiens te gee. Mense glo enigiets wat die kerk sê; selfs dat brood en wyn tydens die misoffer in die werklike liggaam en bloed van Christus verander!

6.3 Misleiers

Roomse Katolisisme is die verleidelikste sisteem van alle tye. *"En uit die aarde het ek 'n ander dier sien*

opkom en hy het twee horings gehad net soos 'n lam en het gepraat soos 'n draak" (Openb.13:11). Johannes sien hoedat die gedrog daarin slaag om die mensdom te verlei sodat hulle die dier wat die dodelike wond ontvang het, aanbid.

Die Babiloniese afgod Nebo het die kop en horings van 'n ram gehad. Hy het godsprake (orakels) gelewer, waargesê, getoor en allerlei verbysterende wonders gedoen. Van die dier uit die aarde word gesê: *"Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal..."* (Openb.13:13). Daarom waarsku die Bybel teen valse profete wat soos *wolwe in skaapsklere* na mense sal kom om hulle te mislei. Roomse kerklui lyk soos vredeliewende skape, maar is in werklikheid wrede wolwe!

Waar pas Christus in die Roomse prentjie? Hy val die oog nie maklik op nie. Daar moet behoorlik na Hom gesoek word. Hy is iewers op die agtergrond - ágter Maria, ágter die priester, ágter die kerk; iewers daar baie, baie vèr agter. Daarom is die geestelike peil van Roomse lidmate opvallend swak en verkeer Roomse lande in geestelike duisternis.

6.4 Die bieg

Die Roomse bieg is ook Babilonies van oorsprong en verskil hemelsbreed van die Bybelse voorskrif: *"Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar"* (Jak.5:16).

Min dinge het die eertydse heidenpriesters soveel mag oor ondergeskiktes besorg as die bieg.

Die gedwonge onthulling van sondes ten einde vergifnis te verkry, maak dat Roomse priesters alles van almal weet. Inligting is uiteraard mag.

Skuldbelastes word in 'n biegkamer ondervra waar hulle 'n volledige sondebelydenis moet doen en niks weglaat nie. Die weglaat van 'n enkele sonde maak die bieg kwansuis waardeloos. Tydens die bieg sê die persoon die eerste gedeelte van die biegformulier op: *"Ek bely teenoor die almagtige God, die geseënde Maagd Maria, die geseënde aartsengel Migail, die geseënde Johannes die Doper, die heilige apostels Petrus en Paulus, al die heiliges, en aan u vader, dat ek gruwelik gesondig het"*.

Maria, Johannes die Doper, Petrus, Paulus, Roomse heiliges en die betrokke priester word in die Roomse Kerk op dieselfde vlak as God gestel. Is daar dan teen almal van hulle gesondig? Hoe rym dit met Mark.2:7: *"...Wie kan sondes vergewe behalwe Een, naamlik God?"* Christus het die alleenmag om sondes te vergewe: *"Maar dat julle kan weet dat die Seun van die mens mag het om op aarde sondes te vergewe..."* (Mt.9:6).

Tydens die Konsilie van Trent is besluit dat Roomse priesters God se ambassadeurs op aarde is en daarom dieselfde mag het om sondes te vergewe - 'n bouse verdraaiing van Mt.16:19.

Die Roomse priester verleen nie alleen vrypraak na sondebelydenis nie, maar oefen indirek gesag op so 'n persoon uit; 'n gesag wat hy van sy biskop ontvang. Die priester vra God nie namens die sondaar om vergifnis nie, maar verleen self die verlangde vergifnis asof hy self God is.

Die Nuwe Testament leer dat gelowiges hul sonde op grond van Christus se soenverdienste sonder 'n tussenganger aan God bekend maak. Daarom maak die Nuwe Testament geen melding van die biege nie. Nog minder is dit in die vroeë kerk beoefen. Dis eerder 'n bedenklike Babiloniese gebruik waardeur priesters mense se siel en verstand as't ware op 'n altaar offer!

6.5 Die selibaat

Alhoewel Rome die huwelik as 'n sakrament beskou, verbied sy haar kerklui om dit aan te gaan. Hierdie verbod word die selibaat genoem en is eweneens heidens van oorsprong. Dis in oud-Rome sowel as Babilon beoefen. Die selibaat is 'n reuse teenstrydigheid; eendersyds omdat Rome die huwelik as heilig en andersyds as skadelik vir haar eie kerklui beskou.

Die selibaat het geen Skriftuurlike gronde nie, maar is 'n leerstelling van Satan: *“Maar die Gees sê uitdruklik dat daar in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels*

sal aanhang deur die geveinsdheid van leuenaars wat gebrandmerk is in hulle eie gewete, wat verbied om te trou” (1 Tim.3:1-3).

Die selibaat veroorsaak by Roomse kerklui 'n kunsmatige weersin in die dinge van die wêreld. Dit maak hulle later so lewensvreemd, dat hulle net agter hoë kloostermure wil skuil. *“As julle dan saam met Christus die eerste beginsels van die wêreld afgesterf het, waarom is julle, asof julle nog in die wêreld lewe, onderworpe aan insettinge soos : raak nie, smaak nie, roer nie aan nie? ...wat, alhoewel dit 'n skyn van wysheid het, in eiesinnige godsdiens en nederigheid en in gestrengheid teen die liggaam, geen waarde het nie, maar strek tot versadiging van die vlees”* (Kol.2:20,21,23).

Die Bybel ken slegs die vrywillige weerhouding van die huwelik waar enkelinge soos Paulus hulle aan 'n groot doel gewy het. Die gawe van weerhouding is wel 'n seën, maar om die selibaat op kerklui af te dwing, is heidens en gee dikwels aanleiding tot seksuele vergrype. Die seksuele vergrype van sekere selibaatpriesters het die ou Romeinse senaat by geleentheid genoop om hulle uit die ryk te verdryf!

Johannes skryf in Openb.17:5: *“Babilon, die moeder van die hoere en die gruwels van die aarde”*. Hierdie gruwel is heelwaarskynlik homoseksualisme wat dikwels onder Roomse priesters voorkom. Toe pous Paulus V jare gelede oorweeg het om al die wettige bordele in Rome te laat sluit, het die Roomse Senaat by hom gepleit om dit nie te doen nie en aangevoer dat dit 'n positiewe rol

vervul het - dit het priesters verhoed om gemeentelede se dogters en vrouens seksueel te teister!

Nêrens verbied Christus leraars of voorgangers om te trou nie. Nog minder maak enigeen van die apostels daarvan melding. Toe Christus sy kerk opgerig het, het Hy apostels geskies waarvan sommige getroud was. Hy het by geleentheid selfs Petrus sy skoonmoeder van koors genees. Volgens oorlewering het Petrus se vrou hom dikwels op sy sendingtogte vergesel.

Indien selibaatpriesters 'n beter voorbeeld vir die gemeente sou wees, sou Christus ongetroudes vir die apostelamp gekies het. Hy het nie. *“n Opsiner dan moet onberispelik wees, die man van een vrou....”* (1 Tim.3:2). Die huwelik is 'n vrou se natuurlike, Godgegewe voorreg. Haar hoogste doel op aarde is nie om 'n non te wees nie, maar om 'n goeie vrou vir haar man en goeie moeder vir haar kinders te wees (Gen.30:1; Ps.113:9; 127:3; 128:3,4; Spr.18:22; 31:10,28).

Nonne het 'n onmenslike stryd om hulle natuurlike, moederlike instinkte te onderdruk. Die kerk dwing hulle om alle hoop op dit wat vir 'n vrou so oneindig baie beteken (die huwelik) prys te gee. Die geestelike, psigiese en fisiese slawerny waarin Rome haar vroulike ampsdraers gevange hou is, om die minste te sê, wreed!

6.6 Kloosters

Kloosters is 'n baie ou instelling en lank voor die Christelike era alreeds in gebruik. Die Boeddhistiese kloostersisteen is byvoorbeeld meer as 500 jaar ouer as die Roomse sisteem. Boeddiste het hulle monnike en heilige tempelmaagde in kloosters afgesonder. Laasgenoemdes was almal maagde wat Boedda gedien, heilige water aangedra, klokke gelui en skilderye wat deur die priester geseën is, vertoon het.

Christus het geen kloosters opgerig nie. In die Christelike kerk is daar nie hoë klipmure, geslote deure of versterkte vensters soos in die meeste kloosters nie. Die hele kloostersisteen is heidens van oorsprong en skep in werklikheid 'n abnormale lewe. Daarbenewens staan dit Christus se opdrag in Mt 5 teen dat gelowiges sout van die aarde en lig van die wêreld moet wees.

HOOFSTUK SEWE

DIE MISOFFER

"Wanneer Christus gelowiges versoek om die nagmaal gereeld te vier, is dit nie by wyse van 'n offer nie, maar 'n gedagtenismaaltyd... Tydens die misoffer van die Roomse Kerk is gemeentelede slegs toeskouers van 'n godsdienstige drama... Die misoffer is 'n belaglike ritueel en spot in der waarheid met dit wat heilig is... Dit kan nooit 'n offer wees nie omdat Christus se bloed ontbreek... Die liturgie is so rigied... Dit kom basies op 'n herhaaldelike simboliese kruisiging van Christus neer. Geen wonder dat Calvin dit *verdomde afgodery* genoem het... en Voltaire dit die *opera van die armes* genoem het nie!"

7.1 'n Onvanpaste drama

Die Roomse misoffer is nie bloot 'n alternatiewe nagmaalsgebruik nie. Dis geen nagmaal nie! Nagmaal is 'n *gedagtenismaaltyd* (Luk.22:19) waartydens gelowiges hulle die lyde en sterwe van Christus voor die gees roep. Die Roomse Kerk beskou dit uitsluitlik as 'n *offer* soos wat die priesters van weleer gebring het. Vir Rome staan die offergedagte so sentraal, dat selfs die prediking daaraan ondergeskik is. Ook dit is heidens.

Die ou Babiloniese priesters se hoof funksie was om tot eer van Semiramis te offer. 'n Hoëpriester het hulle daartoe georden. Alle ander funksies was daaraan ondergeskik. Dieselfde gebeur in die Roomse Kerk. Priesters word georden om tot eer van Maria te offer. Tydens die ordening sê die biskop: "*Ontvang die gesag om vir die lewendes en die dooies te offer*".

Die vroeë Christelike kerk het nie die misoffer geken nie. Dis eers in 394nC in Rome ingestel - 'n diaboliese voorstelling van wat veronderstel is om heilig te wees. Met die misoffer pluk Rome as't ware vir Christus uit die hemel om Hom weer te offer en beroem haar daarop dat sy die liggaam van Christus meer as 200,000 keer per dag wêreldwyd offer.

Gelowiges durf vir geen oomblik 'n goeie woord vir die lasterlikheid van die misoffer hê nie. Geen gelowige behoort dit selfs te aanskou nie. Dis ambivalent – 'n mens wil lag en huil. Lag omdat dit bespotlik is en huil omdat dit Christus moet walg!

Die Roomse Kerk glo dat Christus die misoffer as 'n sigbare offer aan die kerk nagelaat het om voort te sit totdat Hy weer kom. Dis dieselfde offer as wat Christus aan die kruis gebring het en mag slegs deur 'n geordende ampsdraer behartig word omdat hy alleen die mag (toorkrag?) het om die tekens van brood en wyn in die liggaam en bloed van Christus te verander. Oud Rome het ook in absurde vormverwisselings geglo! Tydens die misoffer is gemeentelede slegs toeskouers van 'n godsdienstige drama. Hulle het geen aktiewe rol daarin nie. Terwyl priesters vir die sondes van

lewendes en dooies offer, is die aanwesiges passief. Hulle sing of bid nie. Die liturgie is so rigied, dat dit meganies uitgevoer kan word sonder eers om daaroor na te dink. Dit kom basies op 'n herhaaldelike simboliese kruisiging van Christus neer. Geen wonder dat Calvyn dit *verdomde afgodery* genoem het nie!

7.2 Geen werklike offer nie

Wanneer Christus gelowiges versoek om die nagmaal gereeld te vier, is dit nie by wyse van 'n offer nie, maar 'n gedagtenismaaltyd. Die Levitiese wet het die eet van sondoffers streng verbied. Wanneer Christus aan sy dissipels sê: "*Neem, eet, dit is my liggaam*" en "*dit is my bloed*" (Mt.26:26,27), moet dit nie letterlik opgeneem word nie. Hy het trouens op daardie tydstip saam met hulle aan tafel gesit en beide tekens vòòr sy kruisiging saam met hulle genuttig. Daar was hoegenaamd van geen offer te sprake nie.

Die misoffer is 'n belaglike ritueel en spot in der waarheid met dit wat heilig is. Dit kan nooit 'n offer wees nie omdat Christus se bloed ontbreek. Bloedlose offers deug nie. "*En byna alles word met bloed gereinig.....en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie*" (Hebr.9:22). Daarbenewens is daar geen aanduiding in die Nuwe Testament van 'n voortsetting van enige Ou Testamentiese offer nie.

Die misoffer is so absurd, dat 'n mens nie kan glo dat miljoene nugterdenkendes dit sondermeer aanvaar nie. Geen wonder dat Voltaire dit die *opera van die armes* genoem het nie! Tydens hierdie drama voer die priester meer as 200 rituele bewegings uit; 'n patetiese plaasvervanger vir die eenvoud van die Evangelie. Die Evangelie beskryf slegs vier eenvoudige handeling met die brood en twee met die wyn; nie 200 nie! Al wat Christus verlang, is dat gelowiges sy lyding en sterwe gereeld in herinnering sal roep.

Wat sit werklik agter die misoffer? Kan dit die geld wees wat dit vir die kerk inbring? Alles in die Roomse Kerk is van prysetikette voorsien. Misoffers kan vir 'n magdom van spesiale geleenthede soos bv. 'n huwelik, doop, lidmaatvoorstelling, begrafnis, verligting vir siele in die vagevuur en nog vele meer aangevra word. En alles kos geld. Spesiale misoffers bring die meeste geld in. Mense met baie geld kan deur 'n spesiale misoffer 'n ontslapene se pyn in vagevuur verlig. Diè van armes moet maar weens 'n gebrek aan voldoende fondse hulle volle straftydperk uitdien!

7.3 Heidense invloed

Die offergesag wat die Roomse priesterorde ontvang, stem presies met diè van die eertydse Babiloniese priesters ooreen. Toe Semiramis teen 400nC onder die naam Maria in die Roomse Kerk begin vereer is, het die

kerk dieselfde onbloedige broodjie-offer begin gebruik as wat vir Semiramis gebruik is. Die geskiedskrywer Epiphanius beskryf dit as 'n klein, ronde wafeltjie wat tydens 'n verborge seremonie geëet is.

Die Egiptenaars was sonaanbidders en het ook 'n ronde broodjie as onbloedige offer gebruik. Die ronde broodjie het die songod voorgestel. Indien die Roomse Kerk werklik 'n kerk van Christus was, sou sy Christus se voorbeeld gevolg het wat die brood letterlik geneem en in stukke voor die oë van sy dissipels gebreek het. Rome laat die klem eerder op die vorm van die broodjie val omdat dit aan dieselfde godin geoffer word.

HOOFSTUK AGT

BOETEDOENING EN GOEIE WERKE

" 'n Kerk wat boetedoening as voorwaarde vir vergifnis vereis, rand die Godheid van Christus aan. Nêrens in die Skrif eis God boetedoening nie; slegs bekering."

8.1 'n Vreemde verlossing

In sy brief aan die Galasiërs is die apostel Paulus besorg oor 'n dwaalleer wat in die kerk begin kop uitsteek het. Dwaalleraars het 'n vreemde verlossingsleer begin verkondig naamlik dat sondaars op grond van hul goeie werke gered kan word. Dit het die Evangelie geskaad. "Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees!" (Gal.1:8). Die Roomse Kerk sou jare later dieselfde dwaalleer verkondig.

Met die leer van verlossing deur goeie werke, bied die Roomse Kerk redding as't ware te koop aan; ongelukkig nie volgens Jes.55:1 se voorskrifte van *sonder geld en sonder prys* nie! In die Roomse Kerk draai alles om geld. Redding is selfs op 'n soort van afbetaalbasis beskikbaar waarna Rome sorg dat sondaars altyd agterstallig bly sodat daar by hulle sterwe 'n aansienlike skuld las oorbly waarvoor hulle in die vagevuur moet

brand tensy iemand hulle deur geld aan die kerk te gee, kan loskoop!

Rome leer dat sekere mense deur oordrewe pligsbetragting selfs 'n oorskot aan krediete in die hemel kan opbou; meer as wat hul vir hul eie saligheid nodig sal hê. Hierdie oorskotte word vir berouvolle sondaars in 'n geestelike plek (bank) gebêre om van gebruik te maak - teen 'n prys en vir die kerk!

Rome se sisteem van geld en verdienste vanaf die wieg tot die graf en selfs daarna, behoort haar te beskaam. Wie hierdie plan vir redding opgestel het, het dit baie beslis nie van God ontvang nie, maar van die Satan. Rome hou haar mense as't ware met die ketting van saligheid deur goeie werke in gevangenis. *"...Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die Boek van die Wet om dit te doen nie"* (Gal.3:10).

Gelukkig praat die Bybel baie anders oor redding - dis 'n saak van genade en genade alleen (Efes.1:7-10). Daarom het Protestantisme die Nuwe Testamentiese leer her-ingestel wat getuig dat redding deur geloof en nie deur goeie werke verkry word nie. *"...Menere, wat moet ek doen om gered te word? Toe sê hulle: Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin"* (Hand.16:30.31).

8.2 Boetedoening

Die kernfout van Rome se verlossingsleer (soteriologie) is haar ontkenning van Christus se genoegsaamheid aan

die kruis. Rome ag Hom nie as Redder nie. Dit wat Hy op Golgota gedoen het, is nie genoegsaam nie, maar moet met bykomstighede soos die misoffer en allerlei goeie werke wat uit boetedoening voortspruit aangevul word.

'n Kerk wat boetedoening as voorwaarde vir vergifnis vereis, rand die Godheid van Christus aan. Nêrens in die Skrif eis God boetedoening nie; slegs bekering. En dis 'n doelbewuste daad van sondeversaking: *"Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees.....want Hy vergeef menigvuldiglik"* (Jes.55:7).

Boetedoening verskil ingrypend van bekering. Boetedoening is selfkastyding terwyl bekering 'n berouvolle toevlug tot Christus is. Christus het nêrens gesê dat sondaars eers vir hul sondes moet boet alvorens hulle gered kan word nie. *"Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee"* (Mt.11:28). Omdat Hy alreeds die straf vir sonde gedra het, durf sondaars nie nog daarvoor te ly nie. *"En skeur julle hart en nie julle klere nie, en bekeer julle tot die Here julle God; want Hy is genadig..."* (Joël 2:13).

Rome glo dat boetedoening heilsaam vir die gees is en sondaars die geleentheid bied om 'n lewensommekeer te maak. Weereens verskil sy niks van die ander afgodsdienste nie. Boeddisme en Hindoeïsme leer ook dat vergifnis deur selfkastyding geskied. Gevolglik is Rome se boetedoening niks anders as valse bekering nie. In plaas daarvan om Christus toe te laat om hul

stukkende harte te genees, kasty sondaars hul liggame. Boetedoening is sinneloos. Dis 'n uiterlike handeling sonder die nodige innerlike verandering.

Met die leer van boetedoening ontmasker Rome haar bedenklike hantering van sonde. Sy vereis geen opregte bekering nie. Daarvoor skenk die priester die nodige vergifnis, veral as die sondaar op goeie voet met hom verkeer. Die sondaar word 'n paar dinge as boetedoening ten laste gelê soos om 'n aantal gebede tot Maria te bid – die sg. *Hail Mary's*. Niks verhoed hom om sy goddelose lewe daarna voort te sit nie.

8.3 In die mag van die priester

Alhoewel Rome aan priesters die gesag verleen om sonde te vergewe, leer sy dat daar altyd 'n mate van straf oorbly wat slegs deur boetedoening ongedaan gemaak kan word. Christus vergewe, maar wis nie alle straf uit nie. Hier speel priesters 'n belangrike rol. Hulle bepaal die omvang van die verskuldigde boetedoening en maak sondaars vir God aanvaarbaar.

Deur die regte boetedoening voor te skryf, verhoed priesters dat ontslapenes te lank in die vagevuur deurbring. Hulle het die volmag om ontslapenes etlike dae, maande of jare se straf in die vagevuur kwyt te skeld. Gevolglik tree priesters as regters op wanneer hulle kwytskelding of vermindering van straf aankondig. 'n Priester is geensins beperk in die voorwaardes wat hy

vir boetedoening mag voorskryf nie. Sondaars is aan sy genade uitgelewer.

8.4 Heidenelemente

Boetedoening deur goeie werke kenmerk afgodery. Een van die Roomse tradisies lui dat God die weegskaal van oordeel aan die aartsengel Migail toevertrou het. In die een skaalbak plaas hy die deugde en in die ander die sonde van die betrokke ontslapene. Daarna word dit geweeg en die ontslapene geregverdig of veroordeel. Egipte het 'n soortgelyke verhaal waar die afgod Anubis die skaal hanteer. Die Ou Testament sluit selfs hierby aan as daar vir Belsásar gesê word dat hy in die weegskaal geplaas en te lig bevind is (Dan.5:27).

Die Roomse leer verskil ingrypend van die suiwere Bybelse leer oor die regverdiging deur genade (Rom.1:17). Geestelike despotisme is nie verbruikersvriendelik nie. Dit hou sondaars van Jesus, die genadige Verlosser, weg. Rome bedrieg mense deur te leer dat goeie werke sondaars kan red.

Tydens die Konsilie van Trent het die Roomse Kerk 'n besluit aanvaar wat lui: *“Geen mens kan absoluut seker weet dat hy die genade van God ontvang het nie”*. Dit skreeu teen die Bybelse waarheid dat mense wel seker kan wees (Joh.6:37). Die Roomse Kerk laat derhalwe miljoene lewenslank in vertwyfeling en onsekerheid verkeer.

Rome leer dat wanneer sonde vergewe is, die straf nie heeltemal verdwyn nie. Daar bly altyd iets agter waarna sondaars self iets moet doen ten einde God tevrede te stel nl. boetedoening, goeie werke en selfs selfkastyding. Dis 'n leuen! Die Bybel verseker sondaars dat benewens die bekering hulle niks verder hoef te doen om God tevrede te probeer stel nie. Jesus het alreeds alles gedoen.

Elke jaar stroom duisende Roomsgesindes op Goeie Vrydag na plekke soos die Fillipyne en elders om te sien hoe selfkastyders hul met Christus se lyding probeer vereenselwig deur hulself met karwatse stukkend te slaan en selfs te laat kruisig. Dit herinner sterk aan die Babiloniese Mologdienste. Molog (Baäl) sou miskien so 'n skouspel geniet het omdat hy 'n wrede afgod was wat pyniging, bloed en lyding geniet het. Sy profete het hul selfs vermink ten einde sy guns te wen (1 Kon.18). Christus se lyding en kruisdood het hoegenaamd geen menslike aanvullings nodig nie.

HOOFSTUK NEGE

DIE VAGEVUUR

"Die leer van die vagevuur is so absurd, dat 'n mens nie kan glo dat geleerdes dit kan glo nie. Wat sit werklik agter hierdie leer? Geld (aflaathandel). Die Roomse Kerk ontvang jaarliks astronomiese bedrae geld vir die verligting van siele uit 'n vagevuur."

9.1 'n Kondisionele hel

Rome bou haar leer van die vagevuur op 'n deel van 2 Makkabeërs, 'n apokriewe boek wat na die afsluiting van die Ou Testament gekryf is. Die vier Bybeltekse (Mt.3:11; 1 Kor.3:15; Judas:22-23 en 1 Petr.3:18-20) wat sy as Bybelse verdediging vir haar leer aanhaal, het niks met 'n vagevuur te doene nie. Marcion sowel as die Herder van Hermas (2de eeu) was van die eerste kettters wat hierdie dwaalleer verkondig het.

Rome leer dat alleenlik diegene wat 'n sekere graad van geestelike volmaaktheid bereik het, onmiddellik na hul dood hemel toe gaan. Mense wat nie in die Roomse Kerk gedoop is nie asook diegene wat na hul doop doodsondes gepleeg het, gaan onmiddellik hel toe. Diegene wat sterf, maar nie die verlangde graad van heiligheid op aarde bereik het nie, ondergaan eers 'n vagevuur as 'n nadoodse reinigingstraf alvorens hulle

hemel toe gaan. Feitlik niemand ontsnap aan die vagevuur nie sodat Roomsgesindes met 'n gedurige vrees vir die dood leef omdat hulle nie weet hoe lank hulle in so 'n kondisionele hel sal moet deurbring nie.

Rome leer dat alhoewel God sondes vergeef, sy geregtigheid vereis dat oortreders 'n nadoodse staat van pyn en lyding moet verduur. Deur aan die kerk geld te gee, word die pyn van 'n kermende siel verlig en sy tyd van aanhouding verkort. Die tydsduur van straf wat hom opgelê word, word deur sy aardse lewensweg bepaal. Die enigste verskil tussen die hel en die vagevuur is dat die vagevuur wel 'n einde het.

Die leer van die vagevuur en gebede vir dooies is heidens. Die Romeine en Egiptenaars het ook aan 'n vagevuur geglo en vir hul dooies gebid. In die Roomse Kerk tref gebede sonder die bemiddeling van priesters glo selde die kol. Sy dienste is egter selde gratis. Net soos die heidenpriesters van weleer word Roomse priesters mildelik vir hul gebede vir dooies vergoed – skaamtelose afpersing!

Die leer van die vagevuur is on-Bybels. Die Bybel leer baie duidelik dat verlorenes na hul dood nie rein word nie. Wie sonder Christus sterf, is vir ewig verlore. God keer die oordeel nooit om nie (Luk.16:19-31). Wanneer die Roomse Kerk die vagevuur verkondig, doen sy presies dieselfde met die mensdom as wat die Satan met Eva gedoen het. *“Is dit so dat God gesê het...?”*(Gen.3:2). Daarna het hy die waarheid as 'n leuen afgemaak en die leuen as die waarheid aangebied.

Die Roomse Kerk maak mense geestelik onverskillig en lieg deur te sê dat sondaars 'n tweede kans op verlossing na die dood het. Sulke bedrog baar die ewige dood! Dis nie die vagevuur wat sondes wegbrand nie, maar Jesus wat sondes met sy Bloed afwas. Dis twee uiteenlopende boodskappe!

Pous Johannes Paulus II het meer as enige pous gedoen om afgodery en die raadpleging van geeste in die Roomse Kerk te bevorder. In sy boek *Crossing the Threshold of Hope* sê hy dat die vagevuur in die teken van God se liefde staan omdat dit die mens 'n kans op verlossing na die dood bied. Dis 'n leuen en die pous 'n vervloeking! *“Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees!”* (Gal.1:8).

9.2 Skaamtelose geldmakery

Die leer van die vagevuur is so absurd, dat 'n mens nie kan glo dat geleerdes dit kan glo nie. Wat sit werklik agter hierdie leer? Geld (aflaathandel). Die Roomse Kerk ontvang jaarliks astronomiese bedrae geld vir die verligting van siele uit 'n vagevuur. Wie redding op so 'n bedrieglike wyse verkoop, verdien om soos Sodom en Gomorra met vuur en swael van die aardbodem af uitgedelg te word!

Die Roomse Kerk is opvallend min by die leed van haar mense betrokke. In arm lande word luisterryke

katedrale dikwels deur krotbuurte omring. Tydens die Uhurustryd in die eertydse Belgiese Kongo is daar by geleentheid meer as 400 goudstawe onder die vloer van 'n katedraal gevind, en dit terwyl die plaaslike inwoners beswaarlik kos gehad het om van te leef!

9.3 Onduidelikheid

Die leer van die vagevuur laat ook vrae in die gemoed ontstaan. Hoe weet 'n priester bv. wanneer 'n siel uit die vagevuur vrykom? So 'n ontslag word altyd deur 'n spesiale misoffer gevier wat baie geld kos. Hoe weet die betrokke priester presies wanneer die tyd verstreke is? Wie lig hom in? Indien hy nie presies weet nie, kan hy die afpersing straks te vroeg stop of andersyds te lank laat aangaan. Wanneer hou hy op om geld vir sy verfoeilike dienste te vra?

Daar is hoegenaamd geen manier waarop 'n priester, kardinaal of selfs die pous kan weet wanneer 'n siel uit die vagevuur verlos word nie. Dis egter vir die kerk finansiële voordelig indien die siel so lank as moontlik daar bly. Om egter geld onder sulke valse voorwendsels te bekom, skreeu ten hemel! Indien 'n priester die mag het om siele uit 'n vagevuur te verlos en dit weens 'n gebrek aan die nodige betaling nie doen nie, is hy wreed en liefdeloos en hoort hy nie in diens van God nie!

Die leer van die vagevuur is 'n drogvoorstelling van God se geregtigheid. Die Bybel leer anders: *“En Jesus antwoord hom: voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Pradys wees”* (Luk.23:43). *“Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde”* (1 Joh.1:7) *“en aan hulle sondes en hulle ongeregtighede sal Ek nooit meer dink nie”* (Hebr.10:17).

HOOFSTUK TIEN

HEIDENSIMBOLE EN GEBRUIKE

10.1 Die kruisteken

Die maak van die kruisteken oor die bors is een van die opvallendste kenmerke van Roomsgesindes. Hulle doen dit instinkmatig, selfs tydens sportbyeenkomste. In die Roomse Kerk vind geen aanbidding daarsonder plaas nie. Dit word vir geen ander rede as 'n bewaringsteken teen bose magte gebruik nie en kom oorspronklik uit Babilon. Heidene wat by die verborgenhede ingelyf was, het die kruisteken as bewaringsteken teen bose magte gemaak. Gelowiges moet kruissimbole van watter aard ookal liefs vermy.

Wees ook gewaarsku dat dit wat goedsmoeds as die Christelike kruis aanvaar word, in werklikheid nie Christelik van oorsprong is nie, maar ook Babilonies. Dis oorspronklik as 'n simbool ter ere van Tammuz, die hoerseun van Semiramis, ontwerp en die *tau* genoem. Daarom het dit 'n T-voorkoms. Tammuz is as songod aanbid (Eseg.8:13-18).

Dr.Austen Layard wat in ou Mesopotamië opgrawings gedoen het, bevestig dat die Babiloniese tau 'n kruisvormige amulet was wat deur ingewydes soos 'n hangertjie op die hart gedra is. In Egipte is dit die *ankh* genoem en as teken op heidenpriesters se ampsgewade aangebring. Heidenkonings se ampsstaf was ook in die vorm van die ankh. Die tempelmaagde

van oud-Rome het, net soos die Roomse nonne, die kruis sigbaar om die nek gedra.

Die kruissimbool is minstens 1500 jaar ouer as die Christelike kerk en is deur talle heidennasies gebruik. Die Kelte het bv. die kruis lank voor die geboorte van Christus geken. Die Spanjaarde was verbaas toe hulle die tempels van Anahuak in Mexiko vol kruissimbole gevind het. So ook in ander Suid-Amerikaanse lande.

Die vroeë Christene het hul daarvan weerhou om Christus in sy staat van vernedering aan 'n kruis voor te stel. Sy staat van verhoging en verheerliking as die opgestane Heiland en Oorwinnaar oor die dood was vir hulle baie belangriker. Daarom het die eertydse Christenkunstenaars niks van die kruisiging uitgebeeld nie. Die eerste uitbeelding daarvan was eers in die vyfde eeu toe 'n kruissimbool op 'n houtdeur van die Santa Sabinakatedraal in Rome aangebring is.

Die Roomse kruis spot in werklikheid met Christus omdat 'n dooie Jesus daaraan hang. Dis tot 'n godsdienstige voorwerp van beskerming verhoog wat dit nie is nie. Mense het dit selfs gebruik om vampiere (rolprente) mee in bedwang te hou. Dit as sulks skets die bose mag wat daaraagter skuil!

10.2 Die laaste oliesel

Die laaste oliesel is nog 'n heidengebruik wat die Roomse Kerk tot sakrament verhef het en bestaan uit die salwing van sterwendes deur priesters. Ten spyte

van haar beroep op die Bybel, verskil die Roomse salwing ingrypend van diè van die Bybel. Babiloniese priesters het ook ingewydes met magiese olie gesalf ten einde hulle tot die dieper geheime van die verborgenhede toe te laat.

10.3 Lampe en kerse

Die Roomse gebruik van lampe en kerse is suiwer Babilonies van oorsprong. Wanneer die Roomse Madonna iewers in 'n nis geplaas word, moet daar altyd kerse en/of lampe brand. So ook tydens Rome se afgodiese beeldevereringseremonies. Kerse en lampe moet brand al is dit ook helder oordag. Die apokriewe Boek van Barug vertel hoedat heidene opgeroep is om kerse en lampe vir hulle afgode te brand.

Die vroeë Christelike kerk het geen kers vir godsdienstige redes gebruik nie omdat dit terreg as heidens beskou is. Kerse is eers teen die einde van die derde eeu heimlik in die kerk ingevoer. Die Christenskrywer Lucius Lactantius lewer tydens die vierde eeu felle kritiek op hierdie gebruik en sê dat dit dwaas is om kerse vir God te wil brand asof Hy in die duisternis leef.

Die Roomse Kerk gebruik kerse en lampe omdat sy in 'n geloofsnag vasgevang is. Daarom word daar by elke godsdienstige plegtigheid kerse aangesteek. Desondanks bly dit nag in haar siel. Miljoene mense

gaan verlore omdat hulle in die Roomse nagkerk 'n geestelike tuiste gevind het wat hul soos 'n magtige seestroom ver verby die reddende genade van Jesus Christus voer. Hulle het soos grotdiertjies aan die geestesduister gewoond geraak en besef nie hoe nodig hulle die ware lig het nie!

HOOFSTUK ELF

PROTESTANTISME

"Diegene wat by die Ryksdag van Spiers (1529) teen die dekrete van die Roomse Kerk beswaar gemaak het, is destyds *Protestante* genoem en in 'n baie slegte lig geplaas. Dieselfde het later in Suid-Afrika gebeur toe mense wat teen die NG Kerk se vrysinnige beleidsverandering beswaar gemaak het as *beswaardes* geëtiketeer is."

11.1 Geen nuwe kerk nie

Roomse Katolisisme is 'n reuse sisteem van *hervormde afgodery* wat deur die eeue miljoene siele in die ewige verdoemenis laat beland het. Christus het egter verhoed dat die waarheid van God se Woord geheel en al in die stortvloed van Roomse afgodery wegspoel. *"En die aarde het die vrou te hulp gekom en die aarde het sy mond oopgemaak en die rivier opgesluk wat die draak uit sy bek uitgegooi het"* (Openb.12:16).

Hy het sy Kerk deur klein groepies Skrifgetroue gelowiges wat die Evangelie suiwer verkondig het, eeue lank bewaar. Soos die 7000 Israeliete wat in die tyd van Elia die knie nie voor Baäl gebuig het nie (1 Kon.19:18), het hulle hul nie met Roomse afgodery besoedel nie. Dit het later tot die vestiging van Protestantisme gelei.

Protestantisme is in werklikheid geen nuwe geloof wat met Luther en Calvyn se optredes begin het nie, maar eerder 'n geseënde herlewing van die oorspronklike Christelike kerk soos deur die apostels gestig is. Ten spyte daarvan dat die Satan dit op afgodiese sypore wegrangeer het, het Christus gesorg dat daar altyd gelowiges was wat die Bybel as die enigste kenbron van hulle geloof geleer en gehandhaaf het. *"gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is"* (Efes.2:20).

'n Kerk is net suiwer indien haar leer op die Bybel gegrond is. *"Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus"* (1 Kor.3:11). Die Bybel is in die eerste eeu na Christus voltooi en van meet af aan in die belydeniskrifte van Evangeliese kerke as die enigste objektiewe maatstaf bely.

Gedurende die eerste drie eeue het gelowiges hul geloof alleenlik op die Bybel gegrond. Eers nadat keiser Konstantyn die Christendom in 324 nC tot staatsgodsdienst verklaar het, het die dinge begin skeefloop. Duisende heidene het t.w.v die fisiese voordele die kerk binnegestroom en bloot op grond van hulle doop en nie hul bekering nie, tot die kerk toegelaat. Dit was 'n fatale fout!

Konstantyn het nooit tot bekering gekom soos voorgegee word nie. Hy was tot en met sy dood 'n sonaanbidder wat die Christendom misbruik het om sy magsbasis uit te brei. Gevolglik het hy die Christendom oneindige skade berokken. Die *gekerstende* heidene

was nie met die eenvoud van die oorspronklike Christendom gediend nie en het spoedig vreemde gebruike in die kerk gevestig ten einde die Christendom meer aanvaarbaar te maak. Heidengebruike is van Christelike name voorsien en die kerk besoedel.

Heidentempels is in kerke omskep en afgodery voortgesit. Beeldediens, offers, heilige waters en ander heidengebruike het kort voor lank van die kerk 'n karikatuur van die oorspronklike Evangeliese kerk gemaak. Ironies genoeg het die Roomse Kerk deur die eeue die vrome leuse *semper idem* (altyd dieselfde) gehad. Dis 'n leuen! Sy het eeue gelede die eenvoud van die Evangelie verlaat en in 'n anti-Evangeliese kerk ontaard. Gevolglik was Protestantisme 'n welkome terugkeer na die ware Christendom met sy geseënde eenvoud; die kerk wat Rome t.w.v heidene eeue tevore verlaat het.

11.2 Terug na die Bybel

Satan het die Bybel van meet af teengestaan en met leuens en tradisies probeer afwater. Die meeste hiervan was van Babiloniese oorsprong. In die tyd van Christus was Judaïsme baie sterk. Kerkleiers het *tradisie* feitlik net so hoog as die Skrif aangeslaan. Hulle het nie net die plaaslike Romeinse owerheid beïnvloed nie, maar ook die Joodse volk. Hulle was as't ware die gewete van die volk en vir hulle gedink. Die

Jode moes nie dink nie, maar slegs volg; iets wat later in die Roomse Kerk herhaal sou word.

Gelowiges se aangetekende misnoë met die Roomse Kerk dateer so ver terug as 1140 met die eerste hervormingsbeweging. Tydens en na die groot Hervorming (1517) het miljoene mense die Roomse Kerk verlaat. Die gevoel was so sterk, dat 'n sekere John Clark in 1524 'n plakkaat teen 'n kerkdeur in Melden vasgespyker het waarin hy die pous openlik die Antichris genoem het!

Diegene wat by die Ryksdag van Spiers (1529) teen die dekrete van die Roomse Kerk beswaar gemaak het, is destyds *Protestante* genoem en in 'n baie slegte lig geplaas. Dieselfde het later in Suid-Afrika gebeur toe mense wat teen die NG Kerk se vrysinnige beleidsverandering beswaar gemaak het as *beswaardes* geëtiketeer is.

Protestante het destyds teen die leer van die Roomse Kerk beswaar gemaak en 'n dringende terugkeer na die onbesoedelde eenvoud van die Nuwe Testamentiese kerk en Bybel as geheel bepleit. Met hierdie *terug-na-die-Bybel* beweging het die ware kerk met krag deurgebreek en aan 'n magdom soekendes 'n onbesoedelde geestelike tuiste gebied.

Die Hervorming het die Roomse Kerk tot in haar fundamente geskud. Gelowiges is opgeroep om na die Bybel terug te keer en te ontdek hoe verkeerd die aanbidding van beelde, heilige waters, die misoffer, prediking in verborge taal (Latyn) en talle ander

heidengebruike was. Protestantisme was 'n vars bries in 'n bedompige kamer!

Nadat Protestante die Bybel as die hoogste kenbron in ere herstel het, het baie mense met die Roomse Kerk gebreek. Hulle het vir die eerste keer die Bybel in hulle eie taal ontvang en is aangemoedig om dit te lees. Dit het nooit in die Roomse Kerk gebeur nie. Die Roomse Kerk het lidmate verbied om die Bybel te lees omdat dit hulle kwansuis sou verwar. Die Bybel is tydens die Konsilie van Valencia (1229) selfs op die lys van verbode boeke geplaas, waar dit vir etlike eeue gestaan het. Vir miljoene wat die naam van Christen gedra het, was dit 'n verseelde boek.

Die verbod om die Bybel te lees, het die despotiese mag van Roomse kerklui aansienlik versterk. Deur priesters die alleenverklaarders van die Bybel te maak, het die Roomse Kerk priesters gebruik om mense van die saligmakende kennis van God te beroof. Die Roomse Kerk verbied tot vandag toe nog alle Bybels wat nie deur die Roomse Kerk gedruk is nie. Slegs Roomse Bybels met die nodige verklarende aantekeninge mag gelees word - kerklike despotisme!

Protestante se lewenskoers verskil ingrypend van diè van Katolieke. Daarom getuig baie mense wat die Roomse Kerk verlaat het dat hulle die Evangelie vir die eerste keer werklik lees en verstaan. Protestante se lewenskoers word deur die Bybel bepaal. Roomse Katolieke s'n deur die kerk, by name die pous. Daarom moedig die Roomse Kerk as sulks nie Bybelstudie aan

nie. Is sy bang dat mense dinge in die kerk sal vind wat nie met die Bybel strook nie?

HOOFSTUK TWAALF

ROOMSE WRAAK

"...dat hulle gewete hul beveel om my vrou te verbrand, my kinders te verwurg en myself keel af te sny as hulle die geleentheid kry nie. Die burgeroorlog sou nooit moontlik gewees het sonder die ramspoedige invloed van die Jesuïete nie. Ons het dit aan die Pousdom te danke dat ons ons land nou rooi van die bloed van ons seuns sien".
(W.S McLoud)

12.1 Die Inkwisisie

Die Roomse Kerk het 'n bedenklike verlede en het haar dikwels aan moord, roof, vervolging, omkoperij en bedrog skuldig gemaak. Sy het dikwels van bondgenote gebruik gemaak om haar teenstanders te laat vermoor. Die bloedigste slagting was teen die Waldense (10de eeu) waartydens duisende andersdenkendes vermoor en hele dorpies deur Roomse lojaliste uitgewis is.

Die Hervorming het die Roomse Kerk se aansien so geskaad, dat die Jesuïete Orde op 15 Augustus 1534 in Parys gestig is om die Hervorming hardhandig teen te werk. Hieruit het die berugte Inkwisisie, 'n kerklike terreurorganisasie, ontstaan wat na berekening 68 miljoen mense gemartel en/of vermoor het. Dis deur 'n Spanjaard, Ignatius van Loyola, aangevoer wat weens sy

wreedhede die *Swart Pous* genoem is. Hy het tydens die opspraakwekkende Bartlomeusnag (24 Augustus 1572) 40,000 Protestante in Parys alleen laat vermoor. Von Loyola is na sy dood tot heilige verklaar!

Hy was by Satanisme betrokke en het by geleentheid vergunning van die pous ontvang om 'n nuwe priesterorde, die *Gemeenskap van Jesus* (Jesuïete), te stig. Geen priesterorde was so by die okkulte betrokke soos die Jesuïete nie. Daarbenewens het hulle Loyola blindweg gevolg en elke opdrag uitgevoer. Die Jesuïete was almal hoogs intellektueel en is getaak om Evangeliese kerke binne te dring om leidsliede op 'n dwaalweg te bring.

In Openb.11 sien Johannes 'n stryd tussen die ware en valse kerk en ontvang die opdrag om die heiligdom te meet, maar nie die voorhof nie. Alhoewel dit soos 'n deel van die heiligdom gelyk het, was dit nie deel daarvan nie. "*dit is aan die heidene gegee*" (vers 2). Die voorhof het slegs die skyn van godsdienstigheid gehad, maar het aan die heidene behoort. Wat is dit anders as die misleiding van die Roomse Kerk?

"*En Ek sal aan my twee getuies gee dat hulle, met sakke bekleed, duisend-tweehonderd-en-sestig dae lank sal profeteer*" (vers 3). Dië getuies is die ware kerk (Protestantisme) en stem met die twee olyfbome van Sagaria 4 ooreen. Dis die Hervorming waartydens die dier (Roomse Kerk) die getuies (Protestante) doodmaak.

Die Ou- sowel as die Nuwe Testament praat van 'n wellustige vrou wat haarself verhef en teen gelowiges

stryd voer. "Hoor dan nou dit, wellustige wat so veilig sit, wat in jou hart sê: Dit is ek en niemand anders nie! Ek sal nie as weduwee sit of kinderloosheid ken nie" (Jes.47:8). "Namate sy haarself verheerlik het en weelderig geleef het...Omdat sy in haar hart sê: Ek sit as koningin en is geen weduwee nie, en droefheid sal ek nooit sien nie" (Openb.18:7).

12.2 Die Jesuïete

Die Jesuïete Orde staan sentraal in die doolhof van Roomse organisasies wat daarop ingestel is om Protestantisme te skaad en te vernietig. Die Roomse Kerk pak nie al haar eiers in een mandjie nie en weet dat geldmag alleen nie genoeg is om wêreldheerskappy te verkry nie. Daarom maak sy van 'n magdom van suborganisasies gebruik om haar doel te bereik. Al hierdie organisasies staan gereed om die pous se wense tot op die letter uit te voer. Alles moet aan die Roomse Kerk onderwerp word - regerings, kerke, kultuurverenigings, organisasies, kortom: alles!

Jesuïete word vir 14 jaar opgelei waarna die ingewydes die drakoniese Jesuïete-eed aflê en o.a sweer dat die pous God se verteenwoordiger op aarde is en die ware kerk verteenwoordig. Hulle sweer om alle ketterse regerings (dié wat sonder die pous se goedkeuring optree) teen te staan en te probeer vernietig. Verder

onderneem hulle om Protestantse kerke en teologiese skole binne te dring en te ondermyn.

Die Jesuïete het soveel probleme veroorsaak, dat 11 lande die orde gedurende die 19de eeu verban het. Hulle bese invloed kon egter nie gestuit word nie en het geleentheid selfs die Vatikaan oorheers. Die stert het die hond geswaai!

Die Jesuïete is intens by Vrymesselary betrokke, 'n bitter gevaarlike en kragtige handlanger van die Roomse Kerk. Dit poog om almal wat magtig en invloedryk is aan die Roomse Kerk te onderwerp. Vrymesselary is net so misleidend soos die Roomse Kerk. Na 'n skynbare instemming met die Christendom eindig dit altyd in vyandskap daarmee.

12.3 Veranderde strategie

Die Roomse Kerk se wreedhede het nie ongesiens verbygegaan nie. Talle lande het bande met haar gebreek. Dit het haar genoodsaak om van strategie te verander. Sy het geweet dat indien sy 'n held wil wees, sy haarself eers moes *vernietig* alvorens sy verdere invloed kon hê. Dis wat 'n spioen doen indien daar te warm op sy spoor gelê word. Hy speel toneel en laat mense glo dat hy dood is, waarna niemand hom verder verdink nie en hy ondergronds beweeg.

Die Roomse Kerk het *dood* gespeel, ondergronds beweeg en 'n sisteem op die been gebring waarmee sy haar bese

ideale suksesvol voortgesit het – Atheïsme. Laasgenoemde was 'n taktiese Roomse skuif. Die Roomse Kerk sou hierdie sisteem later self vernietig om die nuwe held te word.

Die Franse Rewolusie het die era van Atheïsme ingelei met name soos Robespierre, Voltaire, Danté en Jean-Jacques Rousseau. Hulle was almal fel teen die Christendom gekant; altans so het dit gelyk. In werklikheid was hulle almal Roomse lakeie. Robespierre was hoof van 'n invloedryke Jakobynse klub en Voltaire 'n hoogs opgeleide Jesuïetepriester. Almal het die Roomse Kerk se opdragte tot op die letter uitgevoer!

Uit die Atheïsme het 'n verdere ideologie gespruit wat God wou onttron en die mens verheerlik – Humanisme. Dit het selfs God se Wet (Tien Gebooe) met 'n Handves van Menseregte vervang en groot ontwrigting veroorsaak. Bo aan die oorspronklike Handves van Menseregte pryk die Sataniese driehoek-en-oog embleem. Van diegene wat die eerste handves op 25 Augustus 1789 in Parys onderteken het, was 300 Vrymesselaars.

Uit die Humanisme het Liberalisme gespruit; 'n meesterplan waarmee die Roomse Kerk 'n ketting gesmee het om Protestantse kerke mee te verwurg. Liberalisme het die Satan se driepunt plan vir die vernietiging van Evangeliese kerke in werking laat tree. Eerstens moes Protestante teologies verwar word, daarna met mekaar bots en laastens mekaar vernietig.

Liberalisme was 'n reuse sukses. Liberaliste het baie kerke so ongesiens binnegedring, dat die meeste mense

dit nie eens vermoed het nie. Kerke se gewilligheid om die sosio-politieke rommel wat voor hulle deur afgelaai is by hul voordeur in te vee, het hulle hul profetiese visie gekos. Die NG Kerk is 'n sprekende voorbeeld hiervan!

Sedert die skeuring in die 11 de eeu, haat die Roomse Kerk die Ortodokse kerke met 'n passie. Die laaste tsaar van Rusland was die beskermheer van die Russies Ortodokse Kerk en is in 1917 deur Rome verwyder. Die opspraakwekkende moord op hom en sy familie het ongemaklike vrae oor die Roomse Kerk se aandadigheid laat ontstaan. Van die moordenaars was Jesuïete wat hulle as Kommuniste voorgedoen het ten einde Rome se opdrag uit te voer. Die Sentrale Kommunistiese Party was skynbaar nie eens van die moorde bewus alvorens dit gepleeg is nie!

12.4 Adolf Hitler

Die Jesuïete het 'n beduidende aandeel aan die uitbreek van beide die Eerste- en Tweede Wêreldoorloë gehad. Hulle wou deur die Derde (Duitse) Ryk die Roomse Kerk se mag wêreldwyd vestig. Toe Adolf Hitler in Januarie 1933 aan bewind geplaas is, het Frans von Papen gesê dat die Derde Ryk weer die beginsel van die pousdom in werking geplaas het. Hitler was met beseerde dinge deurmekaar. Sy eerste mentor, Dietrich Eckart, was 'n erkende Satanis en die swastika sowel as die arendembleem Satanssimbole.

Hitler was lid van die Jesuïete Orde en 'n begeesterde Katoliek. Himler, sy adjutant, het ook noue bande met die Jesuïete Orde gehad en is by geleentheid selfs met Ignatius van Loyola vergelyk! Josef Goebbels, die minister van Inligting, was ook 'n opgeleide Jesuïet.

Hitler het 'n magiese invloed op sy onderdane gehad. Hulle het gedoen wat hy gevra het. Dit was massahipnose op sy gevaarlikste! Daarvoor het hy Jesuïete leermeesters gehad. Hulle was meesters op die gebied van mensebeheer. (Wyle prinses Diana het na bewering ook 'n Jesuïet aan haar sy gehad om haar te leer hoe om mense te beïnvloed en harte te verower). Hitler se optrede was haarfyn beplan - alles op 'n Roomse Katolieke lees geskoei. Of hy op 30 April 1945 werklik selfmoord gepleeg het, soos voorgegee is, is 'n ope vraag. Sy liggaam is na bewering nooit uitgeken nie. Dis geen geheim dat die Roomse Kerk talle Nazi-leiers na Suid-Amerika help ontsnap het nie!

12.5 Die Ustachi

Die Ortodokse Kerk in die voormalige Joegoeslawië het die Roomse wraak bitter sterk gevoel. Tydens die Tweede Wêreldoorlog het die Ustachi, 'n gewetenslose terroriste-organisasie onder aanvoering van ene Ante Pavelitch, ongekende doodslag gesaai. Die Ustachi is in Oktober 1934 gestig en deur die Roomse Kerk befonds om Ortodokse kerke te vernietig.

Nadat koning Alexander van Joegoeslawië tydens 'n besoek aan Frankryk deur die Ustachi vermoor is, het Pavelitch na Italië gevlug waar die Roomse Kerk hom beskerm het. Nadat Joegoeslawië in 1941 binnegeval en oorrompel is, het Pavelitch die nuwe president geword. Hy is hartlik deur die pous in Rome ontvang.

Daarna is 'n verdere 100,000 Ortodokses deur die Ustachi vermoor terwyl 250 Ortodokse kerke òf verwoes òf in Katolieke kerke omskep is. Stepinac, die plaaslike leërkapelaan, het hierdie wrede menseslagting as die *werk van die Here* bestempel! Daar het na berekening meer as 500,000 burgerlikes aan die hand van die Ustaschi gesterf terwyl 244,000 Ortodokse burgerlikes gedwing is om Katolieke te word!

Die Roomse Kerk is magsdronk en beheer 'n magdom van wêreldorganisasies en finansiële instellings. Regerings, konings en presidente dans al eeue lank na haar pype. Sy laat selfs oorloë uitbreek as dit haar geval. Die oostelike deel van Duitsland was bv. die hart van Europese Protestantisme en is tydens die Tweede Wêreldoorlog feitlik geheel en al vernietig; 'n duidelike bewys van die Roomse Kerk se haat vir Protestantisme.

12.6 Kommunisme

Geen kerk het ooit so 'n houvas op die mensdom soos die Roomse Kerk nie. Let bv. op die invloed van wyle pous Johannes Paulus II. Toe hy in 1978 pous geword

het, het hy soveel gesag gehad, dat hy selfs die aartssosialis, Fidel Castro, oorreed het om Kersfees in Kuba her in te stel. Hy was besiel met die eenwording van Europa en wou Oos- en Wes-Europa in 'n magsblok onder Roomse beheer verenig. Daarvoor moes hy eers van die Ystergordyn, wat Europa in twee verdeel het, ontslae raak. Dit het in 1979 begin toe hy Poland (sy geboorteland) besoek het en 'n wig tussen Poland en die Sowjet-unie begin indryf het.

Sy toesprake het nie alleen die Ystergordyn deurdring nie, maar ook die Sowjet-Unie in 1991 in duie laat stort. Hoe kon 'n kerk so 'n magtige ideologie soos Kommunisme laat tuimel? Baie maklik - sy het dit dan ontwerp en aan die lewe gehou! Kommunisme is 'n Rooms ontwerpte ideologie wat bedoel was om die oë van die wêreld van haar verfoeilike optredes af weg te neem.

Die rol wat pous Johannes Paulus II in die val van Kommunisme gespeel het, kan nie misgekyk word nie. Rome het nie net die sleutels van die hemelryk gehad soos wat sy voorgegee het nie, maar ook dië van die Ystergordyn. Toe die tyd ryp was, het sy dit oopgesluit en die wêreld van 'n katastrofe gered. Altans, so het dit gelyk!

Wat werklik gebeur het, kan in die woorde van Amos 5:19 opgesom word: *"Soos wanneer iemand vlug vir 'n leeu, maar 'n beer loop hom raak; of hy kom in die huis en leun met sy hand teen die muur, en 'n slang byt hom!"* Roomse Katolisisme is baie gevaarliker as Kommunisme!

12.7 Moord

Die Roomse Kerk raak van almal wat in haar pad staan ontslae, selfs pouse. In 1978 het Pous Johannes Paulus 1 sy amp slegs 33 dae beklee toe hy skielik oorlede is. Dit was geen geheim dat die Vatikaan baie terleurgesteld in hom was nie. Hy het meer in die teologie as in die wêreldpolitiek belang gestel. Hoe het hy so vinnig aan sy einde gekom? Pous Clemens XIV is in 1774 vergiftig nadat hy op Jesuïete se tone getrap het. In 1939 het pous Pius XI ook op geheimsinnige wyse gesterf.

Die Roomse Kerk raak nie net van ongewenste mense ontslae nie, maar ook van *probleemlande*. Let daarop dat elke Ortodokse land in die voormalige Europese Oosblok verwoes is. Roemenië en Joegoeslawië het die slegste daarvan afgekam, terwyl Roomse lande in dieselfde wêrelddeel feitlik niks oorgekom het nie. Is dit bloot toevallig? Die Roomse Kerk verlustig haar in die skemerwêreld van ideologiese oorlogvoering. Sy teiken sekere lande waarna sy dit op haar eie tyd en manier vernietig.

Roomse wraak het selfs die lewens van etlike buitelandse hooggeplaastes gekos. Abraham Lincoln was fel teen die Roomse Kerk gekant en het kort voor sy sluipmoord gesê:

"Hoe haat, vervloek en vernietig die Roomse Kerk nie die vryheid van gewete waar sy dit ookal veilig kan doen nie! Ek is vir die vryheid van gewete, maar ek kan nie vryheid van gewete aan die Pous en sy volgelinge gee solank as

wat hulle deur hulle rade, teoloë en kanonieke wette aan my sê, dat hulle gewete hul beveel om my vrou te verbrand, my kinders te verwurg en myself keel af te sny as hulle die geleentheid kry nie. Die burgeroorlog sou nooit moontlik gewees het sonder die rampspoedige invloed van die Jesuïete nie. Ons het dit aan die Pousdom te danke dat ons ons land nou rooi van die bloed van ons seuns sien". (W.S McCloud, "Akteurs in die Laaste Drama" p.89).

Talle pouse het donker verledes gehad. Johannes Paulus II was bv. 'n sianiedhandelaar wat tydens die Tweede Wêreldoorlog gif aan die Nazis verkoop het waarmee Jode vergiftig is. Dit het die Roomse Kerk egter nie verhoed om hom pous te maak nie. Pous Benediktus XVI het net so 'n bedenklike verlede. Hy was deel van die berugte Hitlerjeug en 'n lugafweersoldaat tydens die Tweede Wêreldoorlog.

HOOFSTUK DERTIEN

EKUMENE

"Nadat hierdie Rooms georkestreerde Bybelvertaling voltooi is, het die parlement mnr. Pik Botha, destydse Minister van Buitelandse Sake, na Rome gestuur om 'n luukse uitgawe daarvan persoonlik aan pous Johannes Paulus II te oorhandig. Daarmee is die vrome aap uit die goddelose mou gelaat – Gereformeerde kerke het gemene sake met die Roomse Kerk gehad! ... Baie min mense het destyds besef dat die Vatikaan besig was om die Boerevolk se Hervormingserfenis te vernietig!"

13.1 'n Nuwe teologie

Die Roomse Kerk gaan godsdienste met godsdienste vernietig. Daarvoor maak hulle van ekumene, die strewe na kerkeenheid, gebruik. Dis 'n skynkerk wat Protestantse kerke verkneeg deur hulle in die hok van 'n Rooms georkestreerde *gesamentlikheid* in te jaag. Na die Hervorming het die Roomse Kerk nie verniet gesweer dat alle Protestantse kerke nog na haar toe sal terugkruip nie. Sy doen dit deur die ekumene.

Calvyn het ook ekumeniese gesprekvoering voorgestaan, maar slegs indien dit duidelik omskryf was. Ekumene durf nooit in 'n algemene broederskap ontaard nie. Die inhoud en grondslag daarvan moet

vooraf dogmaties bepaal word. Indien dit nie aan belydenisskrifte gebonde is nie, lei dit tot verdraagsaamheid teenoor heidene en 'n onverskilligheid teenoor die eie kerkleer.

Verdraagsaamheid lei tot aanvaarding; aanvaarding tot gelykskakeling en gelykskakeling tot 'n vernietiging van die eie. Daarbenewens is ekumene sonder grense niks anders as 'n herlewing van die ou Babeloniese heersersmodel nie – heers deur 'n kunsmatige eenheid.

Kort voor sy dood het pous Johannes Paulus II die vordering wat daar op die gebied van ekumene gemaak is geloof en gesê dat die hereniging van Christene onomkeerbaar is. Hy het geglo dat God sy kinders wat uitmekaar gedryf het, wou verenig. Vir hom was ekumene nie maar net 'n aspek van die Christelike lewe nie, maar eerder die Christelike lewe self. Reeds so vroeg as 1928 het pous Pius XI gesê dat ekumene nie as die terugkeer na 'n enkele kerk gesien moet word nie, maar eerder as 'n nuwe manier van kerk-wees.

Die eerste soort van ekumeniese sinode is alreeds so vroeg as 325nC te Nicea gehou waaruit die alombekende Geloofsbelydenis van Nicea gespruit het. Moderne ekumene het egter sy oorsprong in 1925 gehad toe 'n ekumeniese sinode te Stockholm gehou is. En wat 'n verskil was daar nie met dië te Nicea nie!

By Nicea was die stryd teen Arius wat Christus se Godheid ontken het. In Stockholm is ander doeleindes nagestreef - die vereniging van verskillende kerke vir praktiese doeleindes. Daar was geen belydenisgrondsag ter sprake nie; slegs 'n kunsmatige

kerkeenheid waarmee die wêreld kwansuis *gered* moes word. Die organiseerders het geglo dat kerkverskille mense van mekaar vervreem en dat diens hulle sou verenig. Daarna is daar etlike ekumeniese byeenkomste gehou wat uiteindelik in 1948 op die stigting van die Wêreldraad van Kerke (WRK) uitgeloop het - een van die grootste wegbereiders vir die koms van die Antichris!

13.2 Vaticanum II

In Oktober 1962 het ekumene openlik op die sakelys van die Vaticanum II konsilie (sinode) verskyn toe 'n werksplan *Die Groot Toenadering tot ander Godsdienste* van stapel gestuur is. Dis kwansuis ontwerp om die breuk tussen Protestante en Roomsgesindes te herstel. Dit was egter 'n rookskerm om Protestantse kerke binne te dring en te vernietig.

Kerke is aangemoedig om 'n gemeenskaplike Bybelvertaling op grond van Roomse Bybelmanuskripte uit te gee. In Junie 1968 is eenstemmigheid met 'n ekumeniese dokument *Guiding Principles for Interconfessions Co-operation in Translating the Bible* bereik, wat o.a tot die Nuwe Afrikaanse Vertaling (1983) gelei het.

Nadat hierdie Rooms georkestreerde Bybelvertaling voltooi is, het die parlement mnr. Pik Botha, destydse Minister van Buitelandse Sake, na Rome gestuur om 'n

luukse uitgawe daarvan persoonlik aan pous Johannes Paulus II te oorhandig. Daarmee is die vrome aap uit die goddelose mou gelaat – Gereformeerde kerke het gemene sake met die Roomse Kerk gehad!

Kort hierna het ekumeniese bemoeienis die NG Kerk tot opspraakwekkende openbare belydenisse van sg. volks- en horisontale sondes beweeg. Sy was immers die gewete van die volk! Vier jaar later is politieke mag vrywillig aan magshonger heidene oorhandig wat die Christelike grondwet geskrap en van Suid-Afrika 'n misdaadgeteisterde, sekulêre staat gemaak het.

13.3 Van krag tot krag

Die Vatikaan se skaamtelose toenadering tot afgodsdienste gee aan internasionale ekumene 'n geweldige hupstoot. Op 27 Oktober 1986 het pous Johannes Paulus II bv. 'n *Dag van Gebed vir Vrede* in Assisi gehou wat deur meer as 700 afgodsdienaars bygewoon is. Hy het kort voor sy dood twee verdere ekumeniese gebedsbyeenkomste saam met Boeddiste, Moslems, Shintoïste en voorvadergeesaanbidders in Assisi gehou. Hy het een daarvan persoonlik gelei sonder om die naam van Christus eenmaal te noem – presies wat ekumene leer - verdraagsaamheid jeens afgodsdienste.

In Oktober 2003 het die Roomse Kerk 'n intergeloofskongres in samewerking met die Verenigde

Nasies (VN) by 'n Roomse heiligdom ter ere van die Maagd Maria in Fatima (Portugal) gehou. Dis vir daardie geleentheid in 'n sentrum omskep waar afgevaardigdes hulle eie gode kon vereer. Die direkteur, Luciano Guerra, het tydens die openingseremonie al die Hindoe-, Boeddiste-, Joodse en Christenafgevaardigdes asook voorvadergeesaanbidders uit Afrika verwelkom en gesê dat Fatima die weg baan vir godsdienste om te meng. Die blote feit dat Fatima 'n Moslemnaam is (die dogter van Mohammed) was volgens hom 'n aanduiding dat die Maagd Maria so 'n godsdienseenheid in tyd voorsien het.

By hierdie geleentheid het Jacques Dupuis, 'n Roomse teoloog, gereelde samekomste van alle gelowe bepleit en die godsdienste van die toekoms as 'n samevloeiing van alle gelowe onder een kosmiese Christus geskets. Die Hindoes was die mees ingenome hiermee. Tydens die afsluitingseremonie is die Roomse Kerk groot lof vir haar ekumeniese inisiatief toegeswaai.

Die geskiedenis is besig om homself te herhaal – die Roomse Kerk is besig om die ganse mensdom deur massabewussynsbeheer in 'n wurggreep te kry; selfs afgodsdienaars! Die meeste afgodsdienste is skynbaar alreeds aan Rome onderworpe. 'n Paar jaar gelede het die tydskrif TIME berig dat die meeste Hindoe-leiers in werklikheid Jesuïetepriesters is!

13.4 Ratzinger laster

Nadat die dokument *Dominus Iesus* in 2000 deur die Vatikaan vrygestel is, het kardinaal Josef Ratzinger hom tydens 'n persverklaring as volg uitgelaat: *“Ons stem saam dat 'n Jood, en derhalwe ook mense van ander godsdienste, nie nodig het om Jesus Christus as die Seun van God te ken of te erken ten einde gered te word nie”* (In Afrikaans vertaal - Zenit News Story: Are Believers of Other Religions Saved? 5 Sept.2000).

Dit bots lynreg met die Bybel: *“En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word”* (Hand.2:21). *“En hy het hulle na buite gebring en gesê: Menere, wat moet ek doen om gered te word? Toe sê hulle: Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word....”* (Hand.16:30,31).

Waarom het kardinaal Ratzinger dit gesê? Omdat dit deel van Rome se aftakeling van onomstootlike Skrifwaarhede is. Christus word afgetakel sodat Maria verhef kan word ten einde beheer oor alle kerke te verkry! Talle afgodsdienste, selfs Islam, begin al hoe meer na die moderne Semiramis (Maria) as die verenigende geloofsmiddelaar op te sien.

13.5 Ekumene eis plaaslik sy tol

Die ekumeniese beweging het ook sy tol aan die suidpunt van Afrika geëis en talle plaaslike Protestantse

kerke in 'n kommerwekkende horisontale versoeningsmanie laat tol. Die Roomse Kerk het (agter die skerms) met die slenter van 'n *liefdesevangelie* van versoening en vergifnis die Boerevolk ooreed om haar vryheid en Christelike grondwet prys te gee. Die rol wat die NG Kerk hierin gespeel het, is, om die minste te sê, bedenklik!

Vrysinnige teoloë het hul kerkverbande mislei om te glo dat ekumeniese gespreksvoering Protestantse kerke die geleentheid sou bied om 'n getuienis teenoor Rome te lewer. Dit was alles wensdenkery. Al hierdie gesprekke het in kompromievorming geëindig. Dis al te duidelik in die NG Kerk se ommekeer jeens die Roomse Kerk te sien. Benewens haar Rooms georkestreerde Bybel het sy Roomse gebruike soos die kindernagmaal, kerse en van die Roomse liturgie in haar boesem opgeneem.

Protestantse kerke se toetrede tot die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) en later ook die Wêreldraad van Kerke (WRK) het vir 'n vrysinnigheid gesorg wat die Evangelie ondermyn en groot skade in kerklike kringe aangerig het. Die NG Kerk het lank gepoog om lid van SARK (die plaaslike arm van die WRK) te word en moes vir etlike jare met waarnemerstatus tevrede wees. Nadat sy die Christelike orde aan die suidpunt van Afrika help afbreek het, het sy eers volle lidmaatskap van SARK verkry. Haar jammerlike gebrek aan profetiese visie het gemaak dat sy die geselskap van volkssaboteurs glad nie hinderlik gevind het nie!

Ekumeniese betrokkenheid het die NG Kerk nie net haar profetiese visie gekos nie, maar ook laat ver-Rooms. Dr. Coenie Burger, moderator van die NG Kerk, skryf in 2004 as volg: *“Om die Bybel op jou eie te lees en self afleidings te maak oor wat jy glo van God en die lewe en van reg en verkeerd, is baie gevaarlik. Ons geskiedenis met apartheid sou dalk anders verloop het as ons op een of ander manier deel kon gebly het van die ekumeniese kerk”* (Godsdiens Aktueel – 19 Oktober 2004).

Benewens die NG Kerk het die Vatikaan baie ander Protestantse kerke in die drukgang van vrysinnigheid vasgekeer en dogmaties gekastreer. Ekumeniese gesprekke het uitsluitlik oor sosio-politieke vraagstukke gegaan. Aartsbiskop Desmond Tutu, ‘n gewese sekretaris van SARK, se beheptheid met strukturele *eenheid deur horisontale versoening* het bv. tot die vorming van ‘n kunsmatige *reënboognasie* asook die vestiging van die omstrede Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) gelei. Beide het ‘n stewige bydrae tot die chaos aan die suidpunt van Afrika gelewer.

Die Roomse aanslag via ontspoorde Protestantse kerklui was so subtiel dat die meeste mense geglo het dat die stryd aan die suidpunt van Afrika maatskaplik, ekonomies en polities van aard was. Baie min mense het destyds besef dat die Vatikaan besig was om die Boerevolk se Hervormingserfenis te vernietig!

Alhoewel ekumene voorgee om kerke saam te snoer, wakker dit eerder Protestantse kerke aan om deel van

die Nuwe Wêreldorde te word. In hierdie Rooms beheerde karikatuur is daar hoegenaamd geen plek vir ‘n *ongesonde geloof* soos Protestantisme nie. Alles moet een word sodat die laaste pous volle beheer oor die mensdom kan kry.

Gevolglik trek die Roomse Kerk die net al hoe stywer om Protestantse kerke. Aan die einde van die dag gaan min dit ontsnap: *“En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word”* (Mt.24:22). Gelowiges durf geen gemene sake met Rome hê nie en eerder na God luister: *“...Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie”* (Openb.18:4).

KRUIPERIGE ONDERDANIGHEID

" Op 2 April 2005 het Larry King aan Billy Graham gevra of hy glo dat pous Johannes Paulus II se siel by God is. Graham het geantwoord dat hy daarvan meer seker was as van sy eie redding! Hoe kan 'n wêreldbekende Protestantse evangelis soos Billy Graham so skokkend min van die Roomse Kerk weet?"

14.1 Hoe durf Europa vergeet!

Die Roomse Kerk is soos 'n duif met roofvoëlinstinkte. Miljoene mense se bloed drup van haar hande af! Haar verfoeilike geskiedenis, uitbuiting van kerk/staat verhoudings asook onmenslike wreedhede is alles haarfyn opgeteken en word in die Vatikaanstad in 'n kluis bewaar.

Te oordeel aan haar kruiperige onderdanigheid aan die Roomse Kerk het Europa beslis nie uit haar geskiedenis geleer nie. Het sy dan van die bloedige kruistogte asook bose optredes van Napoleon Bonaparte vergeet? Hoe durf sy gemene sake hê met 'n kerk wat Adolf Hitler en ander booswigte ondersteun en befonds het?

14.2 Anglikane verkrummel

Brittanje sukkel skynbaar met haar geheue. Van haar grootste nagmerries het juis onder Roomse bewind

voorgekom. Dit het selfs daartoe gelei dat koning Hendrik VIII met die Roomse Kerk gebreek en die Anglikaanse Kerk tot stand gekom het. Daarna het talle Britse konings en adelikes groot opofferings gemaak om die Roomse gevaar teen te staan. Vandag lek die Britte soos tjankende honde die hande van hul eertydse kastyders!

In 1966 is die Anglikaans-Roomse Katolieke Internasionale Kommissie (ARKIK) in Rome gestig met die doel om ekumeniese geesdrif tussen die twee kerke te kweek. Dis egter baie eensydig. ARKIK probeer Protestantse kerke eerder oortuig dat die pous 'n gawe van God is. Daar is selfs 'n dokument *Die Gawe van Gesag* uitgereik waarin Protestante wysgemaak word dat die pous oor 'n goddelike onderskeidingsvermoë beskik en meer as enige ander mens weet wat reg en verkeerd is. Dit kom op 'n onderskrywing van die onfeilbaarheid van die pous neer!

Hierdie dokument is in die Westminster Abdy (London) vrygestel en bepleit 'n onderwerping aan pouslike gesag. Anglikane word wêreldwyd aangemoedig om dit te aanvaar. "*Christene het dit ernstig nodig ten einde uit een mond te kan praat*" het die aartsbiskop tydens die uitreiking daarvan opgemerk.

Anglikane word selfs aangemoedig om vir die pous te bid en in Walsingham neem Anglikaanse biskoppe gereeld aan marse vir Maria deel. In Mei 1999 het die Anglikaanse Kerk haar lidmate selfs versoek om die pous se wêreldrol te erken en op 'n gepaste wyse te eerbiedig. Erkenning is die voorportaal van

aanvaarding. Net so min as wat Jode 'n goeie woord vir Adolf Hitler behoort te hê, behoort Protestante 'n goeie woord vir enige pous te hê!

Die Anglikaanse Kerk is in werklikheid geen suiwer Protestantse kerk nie, maar 'n vermenging van Protestantisme met Roomse Katolisisme. Die Anglikaanse Kerk is tans onder groot druk en probeer hard om die krake wat met verloop van tyd in haar voorhowe ontstaan het toe te smeer. Hierdie krake is o.a. aan vrysinniges se aandrang op die vrou in die kerkamp en homoseksueles op die kansel te wyte.

Vrysinnige skakings van die Anglikaanse Kerk het baie van haar lidmate na konserwatiewe kerke soos die Roomse Kerk laat oorloop. Die Vatikaan se duidelike standpunt teen die vrou in die kerkamp, homoseksualisme, aborsie asook Sabbatsontheiliging, gee aan die Roomse Kerk 'n aanloklike konserwatiewe karakter. In 2007 alleen het meer as 400,000 Anglikane wêreldwyd by die Roomse Kerk aangesluit!

Die Anglikaanse Kerk versmaai haar kerklike erfenis berekend. Was die Hervorming dan nie juis 'n ernstige opstand teen die Roomse Kerk nie? Hoe durf die Anglikaanse Kerk 'n proses loods en in stand hou wat Protestante onder die pous se gesag verenig? Is die Protestantse dogters besig om na hul wrede Roomse moeder terug te keer?

14.3 Geen saligheid binne Rome nie

Pous Johannes Paulus II het sy lewe lank gepoog om wederstrewige Protestantse dogterkerke na Rome te laat terugkeer. Op 25 Mei 1995 het hy in 'n toespraak *Sodat hulle een kan wees* geen doekies omgedraai en Protestantse kerke vermaan om dringend na Rome terug te keer omdat daar kwansuis geen saligheid buite die Roomse Kerk bestaan nie.

In werklikheid is daar geen saligheid *binne* Rome te vinde nie! Kan 'n persoon wat tot dooies bid ooit gered word? Die Wet van Moses verbied dit dan ten sterkste! Hoe kan iemand wat Maria in plaas van Christus aanbid enigsins gered wees? 'n Persoon wat Maria as verlosser aanvaar, val beslis die hemel mis!

Hoe kan iemand gered word indien hy aan 'n kerk behoort wat leer dat mense nie in Christus hoef te glo om gered te word nie? Hoe kan iemand gered word indien hy aan 'n kerk behoort wat leer dat redding van innerlike goedheid sowel as die vlamme van die vagevuur afhang (Artikel 18 van die Tweede Vatikaanse Konsilie)? Sulke dwaalleer stuur miljoene siele ver by die poorte van die hemel verby!

Dit gaan 'n mens se verstand te bowe dat daar Protestante is wat desondanks alles nog steeds glo dat Roomse Katolieke gered kan word! Op 2 April 2005 het Larry King aan Billy Graham gevra of hy glo dat pous Johannes Paulus II se siel by God is. Graham het geantwoord dat hy daarvan meer seker was as van sy

eie redding! Hoe kan 'n wêreldbekende Protestantse evangelis soos Billy Graham so skokkend min van die Roomse Kerk weet?

Roomse Katolisisme is 'n godsdienst van vrees; vrees vir die priester, vrees vir die bieë, vrees vir die afwesigheid by die misoffer, vrees vir die omvang van boetedoening, vrees vir die dood, vrees vir die vagevuur en 'n heilige vrees vir die wraak van God. Gevolglik gaan Roomsgesindes hul doodsbed met niks anders as vrees tegemoet nie!

14.4 Geheime agente

Die Roomse Kerk maak van geheime Protestantse *agente* gebruik om haar openbare beeld te versag. Kathrine Kuhlman was een van hulle; 'n Charismatiese prediker en hipnotis wat oor bonatuurlike werkinge beskik het. Sy het groot werk vir die Roomse Kerk verrig deur voor te gee dat Katolieke gered is. Sy het bv. gedurig priesters en nonne op haar verhoog gehad en mense met haar glimlag en vurige betoog betower.

Tydens 'n private gesprek met die destydse pous, het hy 'n ongehoorde ding gedoen deur haar te seën. Op daardie stadium het geen pous ooit iemand buite die Roomse geloof geseën nie. Om dit te kon ontvang, moes sy uiteraard voor die pous buig en hom as die enigste verteenwoordiger van Christus op aarde erken!

Dis skokkend om te weet hoeveel van die sg. *verdedigers van die geloof* die pous nie al in die Vatikaan gaan spreek het nie. Hoe onthuts sou die stigters van hierdie kerke nie gewees het indien hulle dit moes aanskou nie!

Groot name soos Wycliff, Calvyn, Luther, Wesley, Finney, Moody en Spurgeon het almal geglo dat die Roomse Kerk die groot hoer is waarvan Openbaring 17 praat. Hierdie hoofstuk beskryf nie 'n oudwêreldse Babilon nie, maar die Vatikaan! Ironies genoeg beteken die heuwel Vaticanus *plek van Godsverheerliking* in Latyn, terwyl die teenoorgestelde eerder waar is: "..... 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste" (Openb.18:2).

HOOFSTUK VYFTIEN

DIE LAASTE REGERING

"As diktatoriale mag is die EU is besig om 'n ekonomiese diktatuur te vorm. Amerikaanse handelondernemings wat al met die EU gebots het, het almal sleg daarvan afgekom. Microsoft is bv. geskud toe dit in Februarie 2007 na 'n EU ondersoek 'n reuse boete opgelê is. Daarbenewens skuld Microsoft die EU ook glo 'n aardige bedrag. En dis maar net een van die talle groot Amerikaanse maatskappye wat deurgeloopt het. Apple, Intel, Google en MasterCard het die spit ook lelik afgebyt. "

15.1 Die geskiedenis herhaal homself

Daar is min dinge so gevaarlik soos godsdiens in bese hande! Romeinse keisers het miljoene mense daarmee beheer. Dit gaan weer gebeur wanneer die Antichris as eindtydse Babiloniër die geskiedenis op dieselfde wyse afsluit as wat Nimrod daarmee begin het – 'n gewelddadige wat homself in sy eie ryk vergoddelik.

Die ideologie van internasionale eenheid wat met die bou van die toring van Babel in oorlog met afgodery nagestreef is, sal sy toppunt met die aanbreek van die ryk van die Antichris bereik. In Europa span kerk en staat alreeds saam om 'n beduidende greep op die

mensdom te verkry; 'n heroprigting van die laaste Heilige Romeinse Ryk (HRR). Hierdie *heilig* dui nie op geloofsekerheid nie, maar op 'n kerkbeheerde wêreld.

Die Roomse Kerk het 'n verterende passie om die wêreld te bekeer; nie tot Christus nie, maar tot haarself. Al het die keiser van kleredrag verander, het die eeu-oue sisteem en uiteindelijke doelwit van hierdie ryk presies dieselfde gebly. Die Antichris sal pas na die heroprigting van die tempel in Jerusalem as laaste pous aanbid word!

"Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van die sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is" (2 Thes.2:3,4).

Die ganse wêreldgeskiedenis gaan om die finale oprigting van die HRR; die ryk van die Antichris wat die afgelope 1500 jaar al ses herlewings gehad het. Die sewende en finale herlewing is op hande.

Karel die Grote was 'n proto-tipe van die Antichris en die eerste koning wat die HRR laat herleef het. Hy is op 2 April 742 in Noord-Europa gebore en is as die grootste van alle Middeleeuse konings beskou. Nadat hy in 800 nC as keiser gekroon is, het hy met die slagspreuk *Deur die swaard en die kruis* gewelddadig oor Wes-Europa geheers.

Hy was 'n wreedaard wat deur 'n see van bloed geloop het om onderdane tot die Katolieke geloof te dwing. Hy het geen meningsverskil geduld nie en teenstanders by die duisende laat vermoor. Toe die Saksers verslaan is, het hy hulle 'n keuse gestel - doop of dood. Daarna het hy 4500 van die *rebelle* op een dag laat onthoof.

Herlewings van die HRR is altyd deur 'n onheilige verbintenis tussen kerk en staat gekenmerk. So ook geweld en 'n minagting vir menselebens. Oral waar dit herleef het, het miljoene teenstanders gesterf. Die Inkwisisie waartydens miljoene mense om die lewe gebring is, is 'n sprekende voorbeeld hiervan. Die laaste herlewing van die HRR was na 'n samewerkingsooreenkoms tussen Hitler en Mussolini wat op die Tweede Wêreldoorlog uitgeloop en na beraming 50 miljoen lewens geeis het.

15.2 'n Onheilige passie

Die Roomse Kerk streef na 'n eenwêreldregering met die pous as hoof. Dis die ryk van die Antichis wat deur die Groot Verdrukking (Mt.24) ingelei word. Rome is stelselmatig besig om die ganse mensdom deur godsdienismisleiding aan haar te onderwerp.

Tydens sy 2004 nuwejaarstoespraak het pous Johannes Paulus II gesê: *“Ons ag die totstandkoming van 'n Nuwe Internasionale Orde al hoe noodsaakliker as vrag van ondervindings en resultate wat in die laaste jare deur*

die Verenigde Volke verkry is. Dit moet 'n sisteem wees wat in staat sal wees om gepaste oplossings vir huidige probleme te bied en moet gegrond wees op een gemeenskap wat bronne verdeel en in die buitengewone resultate van die wetenskaplik en tegniese vooruitgang deel (Afrikaanse vertaling van Webblad van die Vatikaan).

15.3 Die Europese Unie

15.3.1 'n Droom verwerklik

Die droom van 'n verenigde Europa het na die Tweede Wêreldoorlog in aanvang geneem en later tot die vorming van die Europese Gemeenskap (EG) gelei. In 1992 het verteenwoordigers van die 12 lidlande die Maastricht Verdrag (1992) onderteken waarna die EG die Europese Unie (EU) genoem is.

15.3.2 'n Nuwe ekonomiese reus

Die EU wat tans uit 27 lidlande bestaan, bult al vir 'n paar jaar sy ekonomiese spiere op die wêreldverhoog. Dit het Amerika so vroeg as 2001 as die grootste enkele ekonomiese handelsblok ter wêreld verbygesteek nadat die wêreld vertrouwe in Amerika verloor en na meer

betroubare beleggingsalternatiewe begin soek het. Toe Europa na jare van relatiewe ekonomiese stilstand begin opbloei het, het talle lande hul buitelandse handelsbelange daarheen verskuif.

Die wêreld ekonomie draai tans grootliks om 'n Europese as. Terwyl die laers van die Amerikaanse ekonomie hoorbaar rammel, vuur die Europese ekonomie op al haar silinders. Dit skep beleggersvertroue wat reuse geldbedrae na Europa kanaliseer en haar groter beheer oor wêreldmarkte bied.

Toe die Euro in 2002 in gebruik geneem is, het Europa feitlik onmiddellik groter eenheid en samewerking op geldelike gebied ervaar. Teen Desember 2006 was die waarde van die Euro note in omloop meer as diè van die Amerikaanse dollar. Daarbenewens het dit in 2006 met 'n ongelooflike 14% gegroei - verstommend vir so 'n jong geldstelsel!

Die Euro het vir alle praktiese doeleindes die Amerikaanse dollar as die vernaamste wêreldgeldstelsel vervang. Talle lande het hulle buitelandse dollar-reserwefondse na Euro verander. Daarbenewens gebruik al hoe meer lande die Euro naas hul eie geldstelsels wat van buitelandse vertroue in diè geldstelsel getuig. Dit het teen die tweede helfte van 2006 alreeds die 600 biljoen merk verbygesteek; byna dubbeld die waarde van die 12 geldeenhede wat dit in 2002 vervang het!

Die verstommende vertoning van die Euro het buitelandse vertroue in die Europese ekonomie skerp

laat toeneem. Iran ontvang bv. Euros vir meer as die helfte van haar olie-uitvoere. Venezuela oorweeg dit om in die toekoms slegs Euro vir hare te vra. In Maart 2006 het die Russiese minister van finansies 'n mosie van wantroue in Amerika gestel en aangekondig dat Rusland haar buitelandse dollar-reserwefondse van 70% na 50% verlaag, maar haar euro-reserwes van 25% tot 40% verhoog.

Vandag is die Euro die amptelike geldstelsel van 16 van die 27 lidlande. Meer as 327 miljoen Europeërs en 173 miljoen mense buite die EU maak van die Euro gebruik. Teen November 2008 was daar reeds meer as 750 biljoen Euro in omloop wat dit die geldstelsel met die hoogste samevoegende geldwaarde ter wêreld maak.

15.3.3 Dikatoriale magte

Die EU is besig om 'n ekonomiese diktatuur te vorm. Amerikaanse handelsondernemings wat al met die EU gebots het, het almal sleg daarvan afgekom. Microsoft is bv. geskud toe dit in Februarie 2007 na 'n EU ondersoek 'n reuse boete opgelê is. Daarbenewens skuld Microsoft die EU ook glo 'n aardige bedrag. En dis maar net een van die talle groot Amerikaanse maatskappye wat deurgeloopt het. Apple, Intel, Google en MasterCard het die spit ook lelik afgebyt.

Toe Microsoft die witvlag hys, het Europa die reëls vir wêreldbesigheid begin dikteer. Microsoft se onvermoë

om iets aan die situasie te doen of selfs vir toegewings te beding, het die rooiligte vir Amerikaanse besighede in Europa laat aankom. Die boodskap was baie duidelik: Jy gehoorsaam of....!

Die EU skenk tans aandag aan die moontlike instelling van 'n sterk Europese weermag. Indien dit verwerklik, is dit die fondament wat Europa in 'n polisiestaat kan omkeer en die geskiedenis homself sal laat herhaal. Alle herlewings van die HRR het 'n sterk militêre onderbou gehad. Die kantore en lesingsale van die EU se Ministersraad is nie toevallig in die Karel die Grotegebou in Brussels geleë nie!

Op 30 Maart 2006 het die Europese Volksparty wat uit 38 politieke partye bestaan, 'n spitsberaad in Rome geborg wat deur talle hooggeplaastes insluitende die Duitse kanselier asook die pous bygewoon is. Dit het die band tussen Europa se konserwatiewe politici en die Roomse Kerk so versterk, dat die pous by daardie geleentheid selfs 'n beroep op EU leiers gedoen het om Europa se Christelike waardes in ere te herstel.

Sodra die pous daarin slaag om kerk en staat saam te smelt, word die EU 'n Roomse unie van nasies. Konserwatiewe Europese politici maak sterk opgang en gaan binnekort met die pous saamspan om Europa van 'n kultureel-godsdienstige ondergang te red. Al wat tans ontbreek, is 'n sterk leier. En daarvoor is die pous die aangewese persoon.

15.3.4 'n Roomse federasie

Die EU neem reeds wêreldrykafmetinge aan en gaan binnekort na 10 groepe, elk met 'n eie leier, verklein word. Dit sal 'n herhaling van die geskiedenis wees. Openb.13:1-10 meld van die dier wat uit die see opkom om die mensdom te mislei. Dis 'n verenigde Europa en unie van 10 volksgroepe wat deur een diktator beheer sal word. Die Vatikaan sal ongetwyfeld die sentrale regering vorm waarna al hoe meer lande hul nasionale selfbeskikkingsreg gaan prysgee om in 'n federale Roomse owerheid met alleenbeheer oor ekonomiese-buitelandse en verdedigingsake te verdwyn.

Die EU is die finale gestaltegewing van die HRR met die pous as hoof. *“En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word; sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het”* (Openb.13:16,17).

Een van die grootste spitsberade wat tot die ontstaan van die EU gelei het, is in Aachen (Duitsland), die plek waar Karel die Grote begrawe is, gehou. Is dit bloot toevallig of het die gees van Karel die Grote teruggekeer? Sy bouse strewende het miljoene lewens geeë. Die Bybel waarsku dat 'n veel groter vervolging op die laaste gelowiges wag. Wie gaan die finale Karel die Grote wees? Weer 'n Duitser?

15.4 Tussen sekularisme en Islam

Die pous lieg as hy voorgee om geen godsdiens op die EU af te dwing nie. Hy weet al te goed dat Europa slegs via godsdiens kan verenig. Sekularisme sowel as Islam laat Europeërs vandag baie anders oor godsdiens en kultuur dink. Die wrede moord op die Nederlandse filmmaker Theo Van Gogh het spanning tussen Europeërs en Moslems laat toeneem. Daarbenewens krap Moslem immigrante rasseverhoudings al hoe meer deurmekaar. Geen wonder dat die EU lede geen Moslems in die EU wil toelaat nie!

Sekularisme is net so 'n bedreiging. Europa is eeue lank aan haar Roomse waardes gekenmerk en eers na die Franse Rewolusie begin sekulêr word. Dit, saam met Islam, bedreig vandag haar ganse bestaan. Die Roomse Kerk verwelkom egter hierdie spanning omdat die geskiedenis bewys dat nasionale krisisse mense saamsnoer om d.m.v 'n sintese die oplossing te vind. Al manier om Europa teen atheïste (tese) en Islamiete (antitese) te beveilig, is om dit onder 'n Roomse banier (sintese) te verenig. Gevolglik sien die EU al hoe meer na die Vatikaan op.

15.5 Die laaste Romeinse Ryk

Die heroprigting van die laaste HRR sal die mensdom skielik en sonder waarskuwing tref. Die EU gaan

geskaak word en in die hande van 'n meestermisleier beland (Dan.11:24,25). Hy sal soos 'n lam (godsdiensstige) lyk, maar soos 'n draak (diktator) praat. Sy sal ongekende lyding tot gevolg hê (Dan.12:1); 'n verdrukking wat, soos in die dae van Antiochus Epiphanus, 42 maande sal duur.

Antiochus Epiphanus het hom in 167 vC in die tempel in Jerusalem tuisgemaak en vanaf die lente van daardie jaar tot en met die herfs van 164 vC oor Palestina geheers. In hierdie 42 maande het hy mense verdruk en talle laat doodmaak. Die laaste Antiochus Epiphanus (Antichris) sal vir 'n soortgelyke tyd 'n soortgelyke rol vertolk.

Europa gaan binnekort 'n valse godsdiensherlewing beleef wat elke lewe op die aarde gaan raak en die mensdom baie smarte besorg. Europeërs beskou Islam as 'n baie groot bedreiging. Twee van hulle hoofstede is by geleentheid deur Islamitiese fanatici met bomontploffings lamgelê nl. London en Madrid.

Al manier waarop Islam sowel as sekularisme uitgeskakel kan word, is om die pous toe te laat om 'n leiersrol te vertolk. Die Vatikaan gee voor om Europese geskiedkundige status van Westerse beskawing en godsdiens te herstel. Dis maar net 'n rookskerm. Die pous sien in hierdie bedreiging die gulde geleentheid om sy merk af te druk. Sterk leiers sien 'n geleentheid in elke krisis raak!

15.6 Benediktus XVI die laaste pous?

15.6.1 Johannes Paulus II

Pous Johannes Paulus II het die Roomse Kerk in die stroomversnelling na die ryk van die Antichris geplaas. Sy heerskappy was een van die drie langstes in die geskiedenis van die Roomse Kerk. Alhoewel hy baie talentvol was, het hy dikwels slegte besluite geneem. Desondanks het hy die Vatikaan as 'n bastion van teologiese konserwatisme ingerig.

Op 12 Maart 2000 het die Britse *Sunday Times* berig dat die pous gesondheidsprobleme ondervind het en sy verstandelike vermoëns aangetas was. Hy was dus strenggesproke nie meer in beheer van die Vatikaan nie. Die magslugleegte wat toe ontstaan het, is deur fanaties-konserwatiewe kardinale gevul wat die pous verknoei en woorde in die mond gelê het. Geen naam is genoem nie omdat die koerant nie 'n storm wou veroorsaak nie. Kardinaal Josef Ratzinger was egter een van die hoofverdagtes!

15.6.2 Onverbiddelik konserwatief

Liberale kerklui het niks van Ratzinger gehou nie omdat hy onverbiddelik konserwatief was. Hy het by geleentheid selfs liberale Roomse professore op die

rooi tapyt gehad en hulle gedwing om hul vrysinnige standpunte te verander. In 1997 het hy selfs 'n vrysinnige Sri Lankaanse teoloog uit die kerk laat ban. Ratzinger is weens sy afkeur in vrysinnige tendense soos die aanvaarding van homoseksualisme as 'n alternatiewe liefdeslewe asook die vrou in die kerkamp spottenderwyse *Cardinal No* genoem.

Die kantoor waarin hy deur sy voorganger aangestel is, was eers die Kantoor van die Inkwisisie genoem. Ratzinger was hoof van die dogmatiese afdeling van die Vatikaan en as't ware die hoëpriester (Cardinal Enforcer) van Roomse ortodoksie. Hy het eers in 1997 die oog begin opval toe hy saam met pous Johannes Paulus II 'n gedugte span teen liberale Roomse teoloë gevorm het. Hy is weens sy waaksaamheid oor die tradisionele Roomse leer spottenderwys die *rottweiler* van die Vatikaan genoem.

Die Vatikaan was vasberade om Roomse vrysinnigheid uit te roei en 'n effektiewe *Inkwisisie* daarteen geloods. Liberale kardinale wat nie uit hul amp ontslaan is nie, se status is verlaag. In Suid-Amerika is alle liberale kerklui met konserwatiewes vervang; mense wat die Vatikaan gebruiksprek het.

'n Week voor Ratzinger se aanwysing as die nuwe pous, is sy *Values in Times of Upheaval* uitgegee waarin hy Europa oproep om na haar Christelike erfenis terug te keer. Ratzinger beywer hom vir nuwe geesdrif vir tradisionele Roomse leerstellings, veral dië oor die Maagd Maria. Hy lê ook baie sterk klem daarop dat die

kerk nie demokraties nie maar eerder sakramenteel en hierargies moet wees.

Toe Ratzinger pous geword het, het hy die ampsnaam Benediktus XVI aangeneem ter nagedagtenis aan Benediktus van Norcia, die stigter van 'n vyfde eeuse Benediktyne Monnikorde. Benediktus XVI word allerwee beskou as die persoon wat die meeste ywer aan die dag lê om Roomse Katolisisme in Europa te versprei. Hy is die sesde Duitse pous in die geskiedenis van die Roomse Kerk. Die ander was almal voor die 11de eeu.

Benediktus XVI is uiters konserwatief en roep mense gereeld op om *volwassenes in die geloof* te wees en hulle nie deur moderne tendense te laat mislei nie. Daarbenewens voer hy 'n verbete stryd teen relativisme. Laasgenoemde voer aan dat geen enkele godsdienst daarop aanspraak kan maak dat dit die enigste saligmaker aanbid nie.

15.6.3 Die Antichris

Kan Benediktus XVI dalk die Antichris wees? Openb.13:11 sê dat die Antichris soos 'n lam lyk, maar twee horings het en soos 'n draak praat.

Eerstens lyk die Antichris soos 'n lam.

Christus is die Lam van God (Joh.1:29). Die pous eien wederregtelik die titel van *leraar van Christus* vir homself toe en ag homself Christus se

verteenvoerder op aarde. Miljoene beskou hom dan ook as die belangrikste man op aarde. Vooraanstaande staatslui raadpleeg die Vatikaan gereeld oor wêreldsake. George Schultz, gewese Amerikaanse staatssekretaris, het die pous voor elke belangrike samespreking persoonlik gaan spreek. Op 24 Desember 1988 het Yasser Arafat selfs die pous (Johannes Paulus II) gaan spreek. Nadat die Sowjetunie begin wankel het, het Gorbachev ook gereeld met die pous beraadslaag.

Die ongehoorde mediadekking wat pous Johannes Paulus II tydens sy afsterwe en begrafnis ontvang het, het baie gelowiges ontstig. Die vergootglaseffek wat die wêreldmedia aan hierdie oordrewe pousgodery verleen het, is 'n duidelike bewys van die krag waarmee die Roomse seestroom mense wêreldwyd meesleur. Meer as 'n miljoen mense het die begrafnis in Rome bygewoon terwyl etlike miljoene beeldradiokykers van uiteenlopende kulture en godsdienste drie ure lank sielsgemeenskap met 'n prototipe van die Antichris gehad het!

Tweedens het die Antichris twee horings.

Die twee horings herinner 'n mens aan die pous se tweepuntige ampshoed. In Engels word dit die *two horned mitre* genoem. Die pous is soos 'n lam met twee horings!

Derdens praat die Antichris soos 'n draak.

Openb.12:9 meld dat die Satan 'n draak en die slang van ouds is. In Joh.8:44 noem Christus hom die *vader*

van die leuen. Om soos 'n draak te praat, is om te lieg. Dit waarna Openb.13:11 verwys, gaan om baie meer as blote leuens. Satan gaan, soos in die tuin van Eden, baie subtiel te werk. Onthou dat dit wat hy vir Eva gesê het, vir haar aanneemlik geklink het. Satan het selfs van God gepraat!

Is dit nie presies wat die pous doen nie? Hy is vrot van leuens en lei miljoene der miljoene siele weg van Christus af! Desnieteenstaande word hy wêreldwyd as 'n groot geestelike leier vereer. Dis om soos 'n draak te praat! *“hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen”* (2 Thess.2:9).

Bose mense hang bouse leiers aan. Die Vatikaan is berug vir haar leuens en het bv. al male sonder tal oor haar kindermollesterende kerklui gelieg. 'n Paar jaar gelede is 'n priester in Amerika ontslaan omdat hy toegelaat het dat kinders op 'n gereelde basis gemollesteer en verkrag is. Daarna is hy in 'n hoë pos in die Vatikaan aangestel. Gee die Roomse Kerk dan nie om wat mense van haar dink nie?

Benediktus XVI het 'n sterk persoonlikheid wat mense wêreldwyd beïndruk. Hy is 'n besielende diplomaat wat ernstig aan sy onverbiddelik harde beeld gewerk het. Wanneer sy sagte persoon met sy onverbiddelik onbuigsame leer vergelyk word, kom hy soos 'n lam voor. Hy praat egter soos 'n draak!

Dan.8:23 vertel ons watter soort mens die Antichris sal wees - die slegste ooit op aarde! Hy is *hard van aangesig*. Dit verwys na sy gesindheid en optrede jeens

teenstanders. Al hierdie aaklige eindtydprofesieë kan baie maklik in Benediktus XVI gestalte verkry. As geestelike- en morele wêreldleier kan hy 'n wêreldregering met absolute gesag vorm.

15.6.4 Van krag tot krag

Die Roomse Kerk het in die paar jaar van Benedictus XVI se ampsbediening van krag tot krag gegaan. Hy blaas van meet af aan nuwe lewe in die Roomse Kerk en wen selfs Protestantse steun vir sy ondernemingsgees. Benediktus XVI is hard besig om 'n verenigende mag te vorm!

Die feit dat hy 'n Duitser is, tel baie punte. Daar was van meet af aan 'n goeie wisselwerking tussen Duitsland en die Roomse Kerk. Wanneer laasgenoemde probleme met lastige vyande ondervind het, het Duitsland haar gehelp. En wanneer Duitsland gesukkel het om haar onderdane te beheer, het Rome haar daarmee gehelp. Die Roomse Kerk is in werklikheid die kleefmiddel waarmee die Duitse volk aanmekaar gehou word.

Josef Ratzinger is in werklikheid nie gekies om die Vatikaan te bestuur nie. Daar was baie ander kardinale en biskoppe wat dit net so goed kon doen. Hy is doelbewus gekies om die wêreld onder Roomse beheer te plaas. *“Maar pasop vir die valse profete wat in*

skaapsklere na julle kom en van binne roofsgtige wolwe is” (Mt.7:15).

Benediktus XVI het ‘n betreklik lelike verlede. As dit die man is wat die Roomse Kerk as leier vertrou, kan ‘n mens maar net raai hoe dit in die Vatikaan self gaan en hoe boos die Roomse Kerk in die toekoms gaan word! Na Johannes Paulus II se dood was daar in werklikheid net twee sterk kandidate vir die pos – Ratzinger en ene Francis Arinze, ‘n swarte. Beide het openlik verklaar dat die bekering tot Christus nie noodsaaklik is om in die hemel te kom nie.

Benediktus XVI stel baie in Israel (veral Jerusalem!) belang. Hy praat selfs van ‘n versoening met die Jodendom. In sy *God and the World* leef hy vir die oomblik dat die Jodendom die Christendom aanvaar. Hy spreek dieselfde versugting in sy *Salt of The Earth* uit. Nodeloos om te sê, is sy begrip van Christendom niks anders as Roomse Katolisisme nie. Die Roomse Kerk streef in werklikheid na ‘n eenwêreldgodsdienst met die herboude tempel in Jerusalem as hoofsetel (2 Thess.2:4).

Ironies genoeg het die Roomse Kerk talle massamoorde op Jode (Tweede Wêreldoorlog) vanuit Rome georkestreer. Die Protestantse nasies van Europa asook dië in die Britse Gemenebes het deurentyd aan hul Joodse bevolking veiligheid gewaarborg. Nie Roomse lande nie! Desondanks beïnvloed die Roomse Kerk Israel toenemend. ‘n Paar jaar gelede is ‘n nuwe shekel met ‘n lelie met drie blare daarop gemunt; een

en dieselfde lelie wat die Roomse Kerk as spesiale embleem vir die Maagd Maria gebruik!

15.7 Berekende optrede

Die gees van Adolf Hitler is besig om oral in Europa te ontwaak en gaan verskriklike gevolge vir die mensdom hê. Europa hunker na ‘n mag wat haar beeld sal herstel en haar vyande vernietig. Die pous wil so ‘n mag hê. Daar is vir hom niks belangriker as dit nie. Luister gerus na sy toesprake. Kyk waarheen reis hy. Let op met wie hy praat. Dis alles berekende optredes; ‘n middel tot ‘n doel!

Benediktus XVI wil die godsdienstige lugleegte wat in Europa ontstaan het met Roomse Katolisisme vul. Hy draai nie doekies om nie. Hy sê wat hy wil hê - Europa moet na haar oorspronklike godsdienstige wortels terugkeer. Dis die tema van die meeste van sy toesprake.

Europa is besig om te ontwaak. Al die ingrypende kulturele en godsdienstveranderinge van die afgelope paar jaar laat Europeërs besef dat iets aan hul benarde situasie gedoen moet word. En wie beter as die pous kan hulle red? In sy *Values in Times of Upheaval* bied die pous ‘n oplossing vir Europa se probleme aan - Europa moet haar Christelike erfenis opeis deur na Roomse Katolisisme terug te keer.

Tydens Benediktus XVI se besoek aan Frankryk in September 2008 het hy 'n indringende gesprek met president Sarkozy oor kerk-staat verhoudings gevoer. Frankryk het geen erkende staatsgodsdienst nie en is sedert die Franse Rewolusie 'n sekulêre staat wat godsdienst as 'n private aangeleentheid beskou. Die pous het by mnr. Sarkozy aangedring om ernstig te herbesin en die Roomse Kerk toe te laat om die samebindende faktor te wees wat die Franse gemeenskap kan genees.

Benediktus XVI is daarop uit om die hele Europa deur diplomatieke gespreksvoering onder die Roomse Kerk te verenig. Wat hy as pous in Frankryk gedoen het, was nie uitsluitlik vir Frankryk alleen bedoel nie, maar vir die hele Europa. Sy versoek het soos 'n kanonskoot oor die hele Europa getrek. Benediktus XVI weet dat as hy Frankryk kan omkeer, niks in sy pad sal staan om die res van Europa om te keer nie.

Die band tussen die Vatikaan en Europese leiers word al hoe sterker. Hulle streef na dieselfde doel. So konserwatief as wat hulle in die politiek is, is die Vatikaan in haar godsdienst. Dit laat die sekulariste eensaam op die kantlyn staan. Hulle poging om Europa se *tradisionele God* uit alles gebaan te kry, gaan juis tot hulle verdwyning lei!

Behalwe vir sterk leierskap, het Europa alles wat nodig is om die tamboer van die wêreld te slaan en die mensdom na haar pype te laat dans. Haar huidige leiers laat hulle egter deur Moslems en sekulariste rondruk. Maar nie die pous nie. Gevolglik leen die

situasie hom al hoe meer daartoe dat die Roomse Kerk haar stempel op Europa kan afdruk.

Gelowiges moet uit die geskiedenis leer dat hoe harder die Vatikaan werk om Katolisisme gevestig te kry, des te meer moet sy dopgehou en alarm gemaak word. Dit wat vandag in Europa en elders gebeur, dien as 'n waarskuwing wat van die dakke af verkondig behoort te word. Die mensdom behoort die mag van die pous meer as dié van die atoombom te vrees. Niks kan erger as 'n Europa in Roomse hande wees nie; nie eens sekularisme nie!

15.8 Duitsland speel 'n beslissende rol

Die geskiedenis herhaal homself. Duitsland gaan weereens 'n beslissende rol in die totstandkoming en samevoeging van die komende eenwêreldregering speel. Die EU is die Trojaanse perd waarin Duitse strewes versteek word. Karel die Grote was ook van Duitse afkoms en het homself as die beskermer van die kerk en haar aardse belange beskou. Hy het Europa destyds van 'n beskawingsverval gered en d.m.v 'n sentrale regering baie van die eenheid van die ou Romeinse Ryk herstel. Dit het die weg vir die ontwikkeling van 'n verenigde Europa gebaan.

Ten spyte van hulle donker verlede, word Duitsland en die Vatikaan aangemoedig om Europa te lei. Al hoe meer Europese volke span met die Vatikaan saam en

sien na die pous op. Die geskiedenis skreeu hierteen. Woorde soos *sameswering, verraad, bloedvergieting, onverdraagsaamheid en teregstelling* beskryf die handelswyse van die HRR van die Middeleeue. Die mensdom behoort eerder te verhoed dat so 'n iets weer gebeur!

Die hereniging van Duitsland (1989) was 'n draaipunt in die geskiedenis. Vandag is almal se oë op Duitsland. Die krag agter die Antichris is van die Satan met Duitsland as sy lakei. Die verskillende Duitse Ryke het altyd Europese mantels vir hul strewes geniet. Duitsland het selfs 'n nasionale geldstelsel aanvaar omdat dit haar droom dien.

Duitsland ervaar 'n baie ernstige Islam-probleem. Die terreuraanval op die World Trade Centre (11 Sept.2001) is bv. in Hamburg beplan. Islamitiese terreurgroepe word in die geheim in Duitsland opgelei en laat anti-immigrasie (Neo Nazi) gevoelens hoog opvlam. Dit sorg weer vir 'n oplewing in konserwatiewe politiek soos die Nasionale Demokratiese Party van kan getuig.

Europa se behoefte aan 'n militêre Duitsland laat stemme vir 'n kernbewapende Duitse weermag opgaan. Daarbenewens is daar oral in Europa 'n groeiende anti-Amerikaanse sentiment te bespeur. Duitsland is goed oppad om haar as 'n supermoondheid te vestig waarmee sy Amerika, haar Tweedewêreldoorlogteenstander, sal troef.

Gevolgtik staan die mensdom voor die deur van die mees plofbare ontketening van politieke en militêre magte ooit in die geskiedenis. Die vrug van politieke

mag in Roomse hande, is alles behalwe goed. Die mensdom gaan geskok word as die sluier van hierdie vrugte verwyder word. Mense sal nie glo dat iets wat so goed lyk, so boos kan wees nie! Dan sal hulle onthou dat Eva ook deur 'n skynbaar goeie vrug mislei is!

SLOTWOORD

Die rookskerm wat tans oor die internasionale kerklike terrein hang, is aan Roomse misleiding te wyte. Talle internasionale organisasies en bewegings het gemene sake met die Roomse Kerk en is niks anders as voorbokke vir die komende eenwêreldregering en godsdiens nie.

Die hoer van Openbaring is profeties en geskiedkundig alle gelowiges se vyand. Satan gebruik die Roomse Kerk om Protestantse kerke subtiel binne te dring en Protestantisme te vernietig. Haar grootste vyand is Bybelgetroue gelowiges wat die knie nie voor Baäl buig nie.

Die tyd het aangebreek dat gelowiges kerke nie meer blindelings moet volg nie, maar hulle op die proef te stel of hulle werklik uit God is. Kerklike misleiding is besig om plaaslik sowel as internasionaal orkaansterkte te bereik. Dis een van die duidelikste tekens van Christus se naderende wederkoms.

Dinge is besig om soos 'n legkaart vir die grootste tragedie in menseheugenis in plek te val.

Gelowiges mag nie soos die dissipels van ouds in die krisisuur aan die slaap gevang word nie (Mt.26:40-45). Ons staan onder 'n heilige verpligting om diegene wat slaap, wakker te skud en soos 'n wag op die muur (Eseg.33) alarm te maak!

Johannes waarsku die gelowiges teen 'n bouse groepering wat alreeds in sy tyd in die kerk aan die werk was - mense wat hulle as gelowiges voorgedoen het, maar in werklikheid werktuie van die Satan was. Hulle het die Skrif misbruik om 'n vreemde boodskap uit te dra en mense op 'n dwaalspoor te plaas.

Johannes het van hulle geweet en kon nie daarvoor swyg nie. Hy sou liefdeloos teenoor sy medegelowiges en ongehoorsaam aan God wees. Paulus het self geen doekies omgedraai nie en hard met 'n gemeentes gepraat: *“O, onverstandige Galasiërs, wie het julle betower om die waarheid nie gehoorsaam te wees nie.....?”* (Gal.3:1).

Sulke waarskuwings staan altyd in die teken van liefde en gehoorsaamheid aan God. Hy wat nie waarsku nie, is liefdeloos. *Die hele Skrif is deur God ingegeen en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot terregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid sodat die mens volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus”* (2 Tim.3:16,17). *“En wat noem julle My: Here, Here! En doen nie wat Ek sê nie?”* (Luk.6:46).

Waarom waarsku Protestantse kerke nie oor hierdie aartsgevaar nie? Die meerderheid staar hulle blind daarteen terwyl dit so duidelik is soos die hand wat die galgtou gereed maak. Baie jare gelede het die NG Kerk haar leraars opdrag gegee om lidmate oor die *Roomse gevaar* in te lig en selfs 'n skrywe uitgegee. Vandag nie meer nie; die gevolg van ekumeniese verdraagsaamheid!

Die tyd het aangebreek dat gelowiges baie duideliker standpunt teenoor die Roomse Kerk inneem en mense dringend teen haar waarsku. Babilon het in werklikheid nooit ophou bestaan nie. Dit leef al vir meer as 1,600 jaar in die Roomse Kerk voort. Gevolglik rus God se oordele nog steeds op haar!

Soos wat Lot en sy gesin Sodom en Gomorra fisies moes verlaat om die oordeel van God te kon oorleef (Gen.19), sal gelowiges Rome geestelik moet verlaat om aan God se oordeel te ontkom. *"Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem"* (2 Kor.6:17). Kerke wat gemene sake met Rome het, sal haar straf met haar deel!

Roomse Katolisisme is die grootste klug en die pous die grootste bedriëer van alle tye. Dit het slegs die skyn van Christendom, maar is in werklikheid verbloemde heidendom. Haar leer en lewe bots so hewig met die Skrif, dat daar hoegenaamd geen heil in haar te vinde is nie. Haar leer van redding deur die doop, regverdiging deur goeie werke, selfkastyding, boetedoening, die vagevuur en gebede vir dooies is heidens. Dis Baälaanbidding met 'n Christelike voorkoms!

Die laaste HRR word opgerig sonder dat mense dit besef. Die boosheid is besig om haar sluier te laat val. Dis nie Ragel nie, maar Lea! Gelowiges moet hulle gereed kry vir die finale stryd op aarde. *"Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede,*

teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu...." (Efes.6).

Maak daarom baie seker van waar jy self staan. By die uitverkorenes wat tot die dood toe teen Satan en sy trawante weerstand gaan bied, of sal jy op die ou einde ook maar soos miljoene der miljoene kerkgangers agter die Antichris aangaan?

Dink jy of volg jy maar net blindelings? Die Bybel is die mees korrekte dokument in jou besit. Glo dit met jou hele hart en plaas jou lewe opnuut in die hand van die Skrywer daarvan en jy sal nie verlore gaan nie, maar die kroon van die lewe ontvang (Openb.2:10).

